

0-8

Nie in
argief



**RGN
HSRC**

**die onderrig van aardrykskunde
aan suid-afrikaanse sekondêre skole:
'n verkorte weergawe van 'n
opname in die jaar 1966**



raad vir geesteswetenskaplike navorsing

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Privaatsak 41, Pretoria, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon 28831

Telegramme: RAGEN

President: Dr. P. M. Robbertse

Vise-presidente: Dr. A. J. van Rooy en dr. J. D. Venter

Sekretaris: Mej. K. M. Henshall

Institute van die RGN

Instituut vir Geskiedenisnavorsing
Instituut vir Kommunikasienavorsing
Instituut vir Mannekragnavorsing
Instituut vir Navorsingsontwikkeling
Instituut vir Opvoedkundige Navorsing
Instituut vir Psigometriese Navorsing
Instituut vir Sosiologiese Navorsing
Instituut vir Statistiese Navorsing
Instituut vir Taal, Lettere en Kuns
Instituut vir Inligting en Spesiale Dienste
Administrasie

Funksie van die RGN

Die RGN onderneem, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die Regering en ander instansies van advies insake die benutting van navorsingsbevindinge en versprei inligting betreffende die geesteswetenskappe.

BIBLIOTEEK LIBRARY

RGN

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL



RGN-HSRC



RGN-HSRC


RGN-BIBLIOTEEK

HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

1984 -08- 3 1
- 3 DEC 1990

0 0 0 0 4 4 1 4 8 5



2844363866



001.3072068 HSRC 0 8



* 0 4 4 1 4 8 *

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

**DIE ONDERRIG VAN AARDRYKSKUNDE AAN SUID-
AFRIKAANSE SEKONDÊRE SKOLE: 'N VERKORTE
WEERGAWE VAN 'N OPNAME IN DIE JAAR 1966**

D. L. HATTINGH, B.A.

**INSTITUUT VIR OPVOEDKUNDIGE NAVORSING
DIREKTEUR: J. B. HAASBROEK**

**PRETORIA
1971**

Verslag nr. 0 - 8

ISBN 0 86965 013 0

V O O R W O O R D

Die destydse Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing (tans die RGN) het hom dit ten doel gestel om die onderrig van sekondêre skoolvakke wat deur die grootste getal leerlinge geneem word, onder die soeklig te plaas. Nadat die ondersoeke in verband met die natuurwetenskaplike vakke en Wiskunde voltooi is, is daar gevolglik besluit om ondersoeke ten aansien van die onderrig van sowel die amptelike tale as Geskiedenis en Aardrykskunde te onderneem. Onder die besef van die belangrikheid van sodanige navorsing, het die Interdepartementele Adviserende Komitee vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing in Junie 1966 sy goedkeuring daaraan verleen, en het die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing met 'n ondersoek begin na die onderrig van Aardrykskunde aan die sekondêre skole van die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika. Sedertdien is die verslag voltooi en deur 'n Nasionale Advieskomitee goedgekeur wat bestaan het uit verteenwoordigers van die verskillende onderwysdepartemente, die Aardrykskunde-onderwysersvereniging, die Nasionale Onderwysraad, die Catholic Bishops Conference, die privaatskole en enkele gekoöpteerde lede.

Van 1 April 1969 af het die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing die werksaamhede van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing oorgeneem. Die verslag verskyn dus as werkstuk van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Hierdie verslag is 'n verkorte weergawe van die volledige verslag wat beskikbaar is en by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing of by enige van die universiteitsbiblioteke verkry kan word.

Hiermee wil die RGN ook sy dank uitspreek teenoor die verskillende onderwysdepartemente, universiteite en skole deur wie se heelhartige samewerking hierdie verslag moontlik gemaak is.

A. M. Louw
PRESIDENT

RGN		BIBLIOTEK	HSRC
		LIBRARY	
1983-09-09			
STANDKODE	REGISTERNUMMER		
001.307.2068 HSRC	08		
BESTELNUMMER	031237		
G			

HOOFSTUK	BLADSY
5.15 Die wenslikheid daarvan dat die klashandboek soveel konkrete feite as moontlik ten opsigte van streeksaardrykskunde behoort te gee	14
5.16 Die wenslikheid daarvan dat standaardhandboeke vir sts. 6 tot 10 voorgeskryf behoort te word liever as om handboeke volgens eie keuse te gebruik	15
5.17 Die wenslikheid daarvan dat 'n komitee deur die onderskeie onderwysowerhede saamgestel word om klashandboeke te skryf en te hersien	15
5.18 Omstandighede ten opsigte van die skoolhandboek sedert 1966	15
6. HULPMIDDELS	16
6.1 Die getal onderwysers wat oor 'n goed ingerigte Aardrykskunde-klaskamer of -laboratorium beskik	16
6.2 Die toerusting van Aardrykskunde-klaskamers of -laboratoria	16
6.3 Aardrykskunde-klaskamers wat oor voorraadkamers beskik	16
6.4 Ruimte in die klaskamer vir modelwerk, 'n klasmuseum en 'n klasbiblioteek	16
6.5 Hulpmiddels wat die onderwysers in voorraad het wat deur hulle onderwysowerheid of deur hulle self aangeskaf is	17
6.6 Landkaarte waaroor Aardrykskunde-onderwysers beskik	17
6.7 Hulpmiddels wat deur Aardrykskunde-onderwysers as noodsaaklik vir die onderrig van Aardrykskunde beskou word	18
6.8 Die mate waarin die verskillende hulpmiddels met die onderrig van Aardrykskunde gebruik word	19
6.9 Gevolgtrekkings met betrekking tot hulpmiddels vir die onderrig van Aardrykskunde	19
6.10 Die redes waarom onderwysers nie oor genoegsame hulpmiddels beskik nie	20
7. AKTIWITEITE	20
7.1 Aardrykskundige verenigings aan sekondêre skole in Suid-Afrika	20
7.2 Besoeke aan plekke wat van aardrykskundige belang vir leerlinge is	20
7.3 Aantekeninge deur leerlinge van klimatologiese verskynsels	20
7.4 Aardrykskunde-onderwysers wat hulle leerlinge gedurende lesperiodes na buite neem om natuurverskynsels prakties te illustreer of te demonstreer	20
7.5 Die onderwysers se mening in verband met veldwerk	21
8. DIE SKOOL- EN KLASBIBLIOTEEK	21
8.1 Aardrykskunde-onderwysers wie se skole oor 'n skoolbiblioteek beskik	21

HOOFSTUK	BLADSY	
8.2	Aardrykskunde-onderwysers wat hulleself op die hoogte hou van nuwe aardrykskundige werke wat deur die biblioteek aangekoop word	21
8.3	Aardrykskunde-onderwysers wat 'n onderwerpkaartstelsel met verwysing na handboeke en bladsynommers aanhou	21
8.4	Aardrykskunde-onderwysers wat oor 'n vakbiblioteek in die klaskamer beskik	21
8.5	Aardrykskunde-onderwysers wie se vakbiblioteke oor sodanige hoeveelheid en verskeidenheid van naslaanboeke beskik dat alle onderwerpe wat in standerd 9 en 10 behandel word, daarmee gedek kan word	22
8.6	Die wyse waarop die boeke vir die vakbiblioteke bekom is	22
8.7	Die getal leerlinge wie se skole oor 'n skoolbiblioteek beskik	22
8.8	Die mate waarin leerlinge die skoolbiblioteek besoek	22
8.9	Die mate waarin leerlinge na skoolure van vakliteratuur gebruik maak om Aardrykskunde-take uit te werk	22
8.10	Die mate waarin Aardrykskunde-studente in hulle eerste jaar volgens die lektore en dosente in staat is om literatuur met insig en vrug te gebruik	22
8.11	Professore, lektore en dosente se mening in verband met die wenslikheid daarvan dat standerd 10-leerlinge verskillende bronne behoort te raadpleeg, in stede van hulle slegs by die klashandboek te bepaal	23
9.	METODIEK VAN AARDRYKSKUNDE-ONDERRIG	23
9.1	Aanbieding van leerinhoud met verwysing na die bepaling van verbande en die gee van verklarings	23
9.2	Aardrykskunde-onderwysers wie se les beskrywend met aksentuering van die aanskoulike is	23
9.3	Aardrykskunde-onderwysers wat aan leerlinge probleme stel wat in 'n klasgesprek opgelos moet word	23
9.4	Inskakeling van die leergesprek	23
9.5	Die aard van mondelinge vrae	23
9.6	Die inskakeling van sketskaarte in die onderrigprogram	23
9.7	Aardrykskunde-onderwysers wat van leerlinge verwag om hulle eie aantekeninge te maak	23
9.8	Oplossing van probleme	24
9.9	Die samestelling van die onderwysers se werkskemas	24
9.10	Die vereistes vir die suksesvolle onderrig van Aardrykskunde	24
9.11	Die inskakeling van selfwerkzaamheid in die onderrigprogram	24

HOOFSTUK		BLADSY
9.12	Omvang en metodes van huiswerk	25
9.13	Nuusbladaardrykskunde	26
9.14	Hersiening	26
10.	EVALUERING	26
10.1	Doelstellings met toetsing	26
10.2	Die mate waarin eksamenvrae gestel word wat leerlinge se feitekennis toets teenoor eksamenvrae wat insigtelike beredenering vereis	27
10.3	Redes waarom standerd 9- en 10-Aardrykskunde-onderwysers oor streeksaardrykskunde slegs of hoofsaaklik feitevrae stel	27
10.4	Die basis waarop punte toegeken word	27
10.5	Menings oor hoe vrae oor streeksaardrykskunde in die standerd 10-eksamen gestel moet word	27
10.6	Verpligte vrae in die standerd 10-eindeksamen	28
10.7	Die afskaffing van die eksterne eksamenstelsel	28
10.8	Die wenslikheid van 'n groter getal keusevrae in die standerd 10-eindeksamen	28
11.	DIE STAND VAN AARDRYKSKUNDE AS VAK IN SEKONDÊRE SKOLE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN VAN SUIDWES-AFRIKA	28
11.1	Die getal skole wat Aardrykskunde onderrig	28
11.2	Getalle leerlinge wat Aardrykskunde vir die standerd 10-eksamen aangebied het	29
11.3	Die hoogste standerd waarin Aardrykskunde 'n verpligte vak behoort te wees volgens die hoofde van skole	29
11.4	Die tyd wat Aardrykskunde-onderwysers aan die onderrig van Aardrykskunde bestee	29
11.5	Die mate van genot en tevredenheid wat onderwysers uit die doseer van Aardrykskunde put	29
11.6	Die redes waarom die onderrig van Aardrykskunde vir Aardrykskunde-onderwysers onaangenaam is	30
11.7	Die belangrikste redes waarom standerd 9- en 10-leerlinge Aardrykskunde geneem het	30
11.8	Die belangrikste redes waarom standerd 9- en 10-leerlinge nie Aardrykskunde as vak gekies het nie	30
11.9	Skoolhoofde se redes waarom Aardrykskunde nie na standerd 6 in hulle skole aangebied word nie	30
11.10	Die vernaamste redes waarom Aardrykskunde nog nie op alle sekondêre skole (na standerd 6) doseer word nie	31

HOOFSTUK		BLADSY
12.	AANBEVELINGS	31
12.1	Die doelstellings met die onderrig van Aardrykskunde	31
12.2	Die sillabus	32
12.3	Klashandboeke	32
12.4	Hulpmiddels	32
12.5	Aktiwiteite	33
12.6	Metodiek	33
12.7	Evaluering	33
12.8	Slotopmerkings	34
	LITERATUURLYS	35

HOOFSTUK 1

DOELSTELLINGS MET EN METODE VAN ONDERSOEK

1.1 DOELSTELLINGS MET DIE ONDERSOEK

Die primêre doel met hierdie ondersoek is -

- (1) om ondersoek in te stel na die onderrig van die vak Aardrykskunde in standerds 6 tot 10 in die skole van die 4 provinsiale onderwysdepartemente, die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika en in geregistreerde private en in provinsiaal-ondersteunde skole; en
- (2) om die redes vir die neiging tot getallevermindering van Aardrykskunde-leerlinge in standerd 9 en 10 in die skole van die genoemde onderwysowerhede te bepaal.

Daar moet vermeld word dat die skole van die Departement van Hoër Onderwys (voorheen die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap) nie betrek is nie, omdat Aardrykskunde as vak nie aan skole van hierdie Departement onderrig is nie. Aardrykskunde word wel vanaf Januarie 1967 as skoolvak aangebied. (Sedert 1 April 1969 het hierdie Departement, wat op 1 November 1970 die Departement van Nasionale Opvoeding geword het, sy beroepskole aan die provinsiale onderwysowerhede oorgedra.)

1.2 METODE VAN ONDERSOEK

Vir die ondersoek insake die onderrig van Aardrykskunde is van die vraelysmetode gebruik gemaak. Die volgende vier vraelyste is opgestel en aan die belanghebbendes gestuur:

- (1) Vraelys NB 686 aan hoofde van sekondêre skole.
- (2) Vraelys NB 687 aan onderwysers wat Aardrykskunde in enige standerd van st. 6 tot st. 10 onderrig.
- (3) Vraelys NB 688 aan professore, lektore en dosente van Aardrykskunde aan universiteite en onderwyskolleges.
- (4) Vraelys NB 689 aan st. 9- en 10-leerlinge wat Aardrykskunde neem, asook aan st. 9- en 10-leerlinge wat dit nie neem nie.

1.3 DIE ONDERSOEKSGROEP

1.3.1 Betroubaarheid van die gegewens

Wanneer uitspraak oor die betroubaarheid van die gegewens ten aansien van die skole gegee word, moet in aanmerking geneem word -

- (1) dat die getal skoolhoofde wat vraelyste teruggestuur het, sowel die getal skoolhoofde as skole verteenwoordig wat in die ondersoek betrek is, en
- (2) dat die skoolhoofde sorg gedra het dat die Aardrykskunde-onderwysers aan hulle skole die vraelyste voltooi en teruggestuur het.

Om vas te stel of die data waarop hierdie verslag gebaseer is, verteenwoordigend is van die universum van skoolhoofde, onderwysers en sekondêre skole, is die skole van sowel die universum as die skole waarvan die persoonlike vraelyste teruggestuur het, volgens ligging (stad en platteland) en

medium van onderrig verdeel en vergelyk. Daar moet vermeld word dat die vraelyste volgens die 1966-adreslyste van skole (die jongste lys) versend was.

1.3.2 Skoolhoofde wat vaaelyste teruggestuur het

Van die gegewens is af te lei dat behalwe vir die nie-departementele, 'n besondere hoë persentasie skoolhoofde van die ander vyf onderwysowerhede vraelyste teruggestuur het (persentasies wissel van 80,7 vir die Oranje-Vrystaat tot 100,0 vir Natal met 69,9 vir die nie-departementele skole). Alhoewel die responsies besonder hoog is, moet daar vasgestel word in welke mate die skole wat gereageer het, verteenwoordigend van die universum is. Die ondersoekgroep en die universum is onderskeidelik volgens ligging en medium van onderrig verdeel. Aangesien al die skoolhoofde van die onderwysdepartement van Natal vraelyste teruggestuur het, is hierdie departement se sekondêre skole verteenwoordigend van die universum.

Die afleidings wat ten aansien van die onderwysowerhede met betrekking tot die betroubaarheid van die data gemaak word, is -

- (1) dat persentasiegewys die verhouding van stedelike tot plattelandse sekondêre skole in die universum feitlik ooreenstem met die verhouding van stedelike en plattelandse sekondêre skole waarvan vraelyste ontvang is;
- (2) dat die verhouding van Am-, Em- en P- en/of D-skole in die universum persentasiegewys met die Am-, Em-, en P- en/of D-skole waarvan vraelyste ontvang is, feitlik ooreenstem; en
- (3) dat op grond van die ooreenstemmende verhoudings, en die besondere hoë persentasie skoolhoofde wat gereageer het, die gegewens ten aansien van die skole, skoolhoofde en onderwysers vir alle praktiese doeleindes verteenwoordigend van die universum is.

1.3.3 Standaard 9- en 10-leerlinge wat vraelyste teruggestuur het

Die skole waarvan vraelyste ontvang is en wat verteenwoordigend van die universum is, se st. 9- en 10-leerlinge het vraelyste ingevul en teruggestuur. 'n Steekproef van 10 persent is getrek van die st. 9- en 10-leerlinge wat Aardrykskunde as vak neem en dié wat die nie doen nie, slegs ten opsigte van die skole wat Aardrykskunde wel as vak aanbied.

1.4 INTERPRETASIES VAN DIE GEGEWENS

Die bevindings is deurgaans op die landsbeeld gegrond met verwysing na die onderwysowerhede waar dit noodsaaklik is.

2. DIE PERSONEELPOSISIE VIR DIE VAK AARDRYKSKUNDE AAN SEKONDÊRE SKOLE

2.1 DIE AARD VAN AARDRYKSKUNDE-ONDERWYSERS SE AANSTELLING

Dit blyk dat 80,4 persent van die Aardrykskunde-~~onderwysers~~ in die land permanent aangestel is, terwyl 9,8 persent vir permanente aanstelling kwalifiseer. Vir praktiese doeleindes is 90,2 persent onderwysers permanent aangestel en behoort die personeelposisie bestendig te wees.

2.2 DIE GESLAG EN HUWELIKSTAAT VAN AARDRYKSKUNDE-ONDERWYSERS

Nagenoeg twee derdes (64,3%) van die Aardrykskunde-~~onderwysers~~ in die land is mans. Van die onderwyseresse is die ongetroudes die grootste groep (69,5%). Alhoewel die onderwysowerhede per regulasie vir die permanente aanstelling van getroude onderwyseresse voorsiening maak, kan nogtans verwag word dat die relatiewe groot persentasie ongetroude onderwyseresse by inhuweliktreeding personeelwisseling sal veroorsaak. Die verwagting is dat die bestendigheid van die personeelposisie in 'n mate

nadelig getref sal word en dat die kontinuïteit van vakonderrig geraak sal word.

2.3 DIE KWALIFIKASIES VAN AARDRYKSKUNDE-ONDERWYSERS

2.3.1 Kwalifikasie-vereistes vir sts. 6 tot 8

In die lig van die minimum kwalifikasies wat as vereiste vir doeltreffende onderrig van Aardrykskunde in sts. 6 tot 8 gestel is ('n tweedejaar-universiteitskursus en 'n onderwysersdiploma, of 'n spesialiseringkursus in Aardrykskunde aan 'n onderwyskollege), behoort die onderrig van Aardrykskunde minder gunstig te wees aangesien slegs 56,5 persent onderwysers die minimum kwalifikasies besit.

2.3.2 Kwalifikasie-vereistes vir st. 9 en 10

Op grond van die minimum kwalifikasies wat as vereiste vir doeltreffende Aardrykskunde-onderrig in st. 9 en 10 gestel word ('n tweedejaar-kursus en 'n onderwysersdiploma), behoort die onderrig van Aardrykskunde bevredigend te wees, aangesien 82,1 persent onderwysers die vereiste minimum kwalifikasie besit.

2.3.3 'n Vergelyking van die kwalifikasies vir die jare 1967 en 1968 toon dat die Aardrykskunde-onderrig bevredigend gekwalifiseer is volgens die vereistes wat gestel is. Daar is selfs sprake van 'n geringe verbetering vir laasgenoemde tydperk.

2.4 OORSIGTELIKE BESKOUIING VAN DIE PERSONEELPOSISIE

Wanneer die aard van aanstelling, geslag en huwelikstaat van die Aardrykskunde-onderrig in oënskou geneem word, is die personeelposisie vir Aardrykskunde bevredigend. Volgens die vereiste minimum kwalifikasie, is die onderrig van Aardrykskunde in sts. 6 tot 8 minder bevredigend, terwyl dit in st. 9 en 10 bevredigend is.

3. DIE DOELSTELLINGS MET DIE ONDERRIG VAN AARDRYKSKUNDE*

3.1 DIE MENINGS VAN PROFESSORE, LEKTORE EN DOSENTE OOR DIE AARD VAN EN DOEL MET AARDRYKSKUNDE-ONDERWYS

Die doserende personeel aan universiteite en onderwyskolleges huldig die volgende drie doelstellings as die belangrikste met die onderrig van Aardrykskunde:

- (1) Die doelstelling met Aardrykskunde-onderrig wat die eerste plek in die rangorde kry, is dat Aardrykskunde die onderlinge verwantskap tussen die mens en sy nie-menslike omgewing vasstel.
- (2) Tweede plek in die rangorde word beklee deur die doelstelling dat Aardrykskunde-onderrig 'n kennis van die aarde in sy totale wese is.
- (3) Die doelstelling wat deur die lektore en dosente van minder belang geag word, is dat Aardrykskunde die karakteristieke eienskappe van bepaalde plekke bestudeer, sonder om werklik in menslike gedragswyses insae te gee (geen lektore of dosente).

* Barnard, W.S.: (Aardrykskunde Advieskomiteelid). Aanvulling by doelstellings:

"In hul uiteenlopende nuanses beklemtoon die doelstellings soos in die breë verslag gestel, die verbysterende verskeidenheid verskynsels wat in Aardrykskunde betrek word, 'n verskeidenheid wat op akademiese vlak 'n bron van verleentheid geword het. 'n Kennis van die aarde in sy totale wese en 'n kennis van die onderlinge verwantskap tussen 'n menslike en 'n nie-menslike omgewing omvat per slot van sake 'n wyer terrein as waarop één dissipline bevoegdheid kan verwerf. Om dit te ondersoek verg ook 'n groter verskeidenheid van tegnieke as wat een persoon kan bemeester. Oor die afgelope twintig jaar het akademiese aardrykskundiges dus doelbewus die grense van die dissipline probeer saamtrek tot 'n bepaalde gesigspunt eerder as 'n wêreldwye studie-terrein, 'n interpretasie van die werklikheid wat langs sekere kanale gelei moet word. Dit gaan vir

Daar word wel voorsiening gemaak vir die doelstellings wat deur die professore, lektore en dosente as die belangrikste geag word in die sillabusse van die verskillende onderwysdepartemente. Verder kan daar uit die antwoorde van die professore, lektore en dosente afgelei word dat die mens 'n sentrale plek moet kry in enige omskrywing van die wese van die vak Aardrykskunde.

3.2 SKOOLHOOFDE SE STANDPUNT INSAKE DIE WAARDE VAN AARDRYKSKUNDE SOOS DEUR AARDRYKSKUNDIGES GESTEL

Dit blyk verder dat die doelstelling dat Aardrykskunde by uitstek 'n vak is wat mens onder die indruk van die Almag van die Skepper bring, deur die meeste skoolhoofde in die land (66,5%) onderskryf word, terwyl die stelling dat Aardrykskunde die eenheidstruktuur is van feite en beginsels wat aan die mens openbaar word, deur die tweede grootste groep skoolhoofde (61,9%) onderskryf word. Hieruit is af te lei dat Aardrykskunde beslis didaktiese en pedagogiese waarde het en dat die waarde wat aan die vak geheg word, saamhang met die waarderangorde van die skoolhoofde.

3.3 DIE AARDRYKSKUNDE-ONDERWYSERS SE DOELSTELLINGS MET DIE ONDERRIG VAN AARDRYKSKUNDE

Volgens die rangorde (soos deur die respondente aangedui) is dit baie duidelik dat die onderwysers van die verskillende owerhede dit eens is dat die doelstelling, "Om by die leerlinge 'n intelligente belangstelling en begrip te wek en waardering te laat verkry vir die wêreld waarin hy leef, met al sy kompleksiteite", die belangrikste is. By hierdie belangrikste doelstelling word daar klem gelê op die wenslikheid dat die leerling ten alle tye bewus moet wees van sy omgewing en dat hy 'n liefde vir sy eie land moet aankweek.

Die verskillende onderwysowerhede se doelstelling met Aardrykskunde as skoolvak sluit aan by dié van die Aardrykskunde-onderwysers. Uit die onderwysowerhede se doelstellings blyk dit duidelik dat die mens en sy verhouding tot die wêreld (aardrykskundige wêreld) sentraal gestel word.

3.4 DIE MATE WAARIN DIE INHOUD VAN DIE DEPARTEMENTELE SILLABUSSE DIE DOELSTELLINGS MET DIE ONDERRIG VAN AARDRYKSKUNDE DIEN

Dit blyk dat byna driekwart van die onderwysers van mening is dat die inhoud van die departementele sillabus wel die doelstellings met die onderrig van die vak dien. Die redelik hoë persentasie onderwysers wat erken dat hulle nie weet of die sillabusinhoud die doelstellings dien nie,

* hulle nie langer om die aarde in sy totale wese nie, maar om aardruimtelike ordening ("spatial organisation") soos uitgedruk in die verspreidingspatrone van en veranderingsprosesse in aardoppervlakteverskynsels. Boonop staan die nuwe Aardrykskunde wars van die ou dualisme tussen die menslike en nie-menslike omgewing, want dit maak die interpretasie van patrone en prosesse eensydig, bloot 'n kwessie van mens en natuur. Selfs meer drasties as die aksentverandering t.o.v. inhoud, is die verandering in benadering. In plaas van die spesifieke verskynsel, sien die nuwe Aardrykskunde die tipe van verskynsel raak en in plaas van die verklaring van 'n besondere verwantskap, streef die dissipline na die formulering van wyd-geldende modelle, 'n wegbeweging van die empiriese na die teoretiese, van die unieke na die universele. Terselfdertyd word navorsing meer verfynd en probleemgerig, en naas die kaart as tradisionele tegniek maak ook die statistiese metode sy verskyning. In Suid-Afrika het weinig van hierdie idees nog na hoërskoolvlak deurgesypel, maar hulle sal ongetwyfeld kom. In hierdie vloeibaarheid van akademiese Aardrykskunde bly 'n beleid van langsame haas egter nie sonder deug nie. Boveal durf ons nie toelaat dat die opvoedkundige waarde van Aardrykskunde in 'n najaag van nuwe konsepte en tegnieke verval nie".

is egter verontrustend, want dit kan beteken dat hierdie groep nie kennis dra van òf die inhoud van die departementele sillabus òf die departementele doelstellings of albei nie.

3.5 REDES WAAROM DIE DOELSTELLINGS SOOS IN DIE SILLABUSSE UITEENGESIT MOEILIK UITVOERBAAR IS

Volgens die standerds 6- tot 10-Aardrykskunde-onderwysers wat die standpunt huldig dat die doelstellings soos in die sillabus uiteengesit bevredigend maar onuitvoerbaar is, is die huidige eksamenstelsel die hoof-oorzaak daarvan. Die redes dat die sillabus te idealisties en te algemeen gestel is, is in 'n besondere hoë mate vir die onuitvoerbaarheid van die gestelde doelstellings verantwoordelik.

4. SILLABUSSE VAN DIE ONDERWYSOWERHEDE

4.1 DIE MATE WAARIN ONDERWYSERS DAARIN SLAAG OM DIE AARDRYKSKUNDE-SILLABUS IN DIE BESKIKBARE TYD DEUR TE WERK

Die mate waarin die Aardrykskunde-onderwysers daarin slaag om die sillabus in die verskillende standerds in die beskikbare tyd deur te werk, is soos volg:

(1) Standaard 6-onderwysers

Van die standaard 6-onderwysers in die land slaag 68,3 persent daarin om die sillabus gereeld deur te werk, terwyl 23,6 persent dit selde regkry. Slegs 8,1 persent het aangedui dat hulle nooit daarin slaag nie. Die toestand in Transvaal skyn onbevredigender as vir die ander onderwysdepartemente te wees, aangesien slegs 56,5 persent van die onderwysers gereeld daarin slaag om die sillabus deur te werk en 29,8 persent dit selde regkry.

(2) Standaard 7- en 8-onderwysers

Van hierdie groep onderwysers in die land slaag 60,9 persent daarin om die sillabus gereeld deur te werk, terwyl 29,6 persent dit selde regkry en 9,4 persent nooit daarin slaag nie.

(3) Standaard 9- en 10-onderwysers

Wat betref hierdie groep onderwysers, slaag 55,1 persent van die onderwysers daarin om die sillabus gereeld deur te werk. Ietwat meer as 'n kwart (27,0%) kry dit selde reg en 17,9 persent slaag nooit daarin nie.

(4) Gevolgtrekking

Daar is 'n dalende tendens van standaard 6 tot standaard 10 in die persentasie onderwysers wat daarin slaag om die sillabus gereeld deur te werk. Aangesien dit veral in die hoër standerds wenslik is dat die leerlinge die hele sillabus moet dek, sal dit die owerhede die moeite loon om vas te stel of die sillabusse moontlik oorlaai is en of daar ander probleme is wat die onderwysers verhinder om die sillabus gereeld deur te werk.

4.2 STS. 6- TOT 8-AARDRYKSKUNDE-ONDERWYSERS SE VOORSTELLE OM DIE STS. 6- TOT 8-SILLABUS TE VERKORT

Die volgende voorstelle is met betrekking tot die verkorting van die sillabus gemaak (die landsbeeld word verstrekk):

- (1) Die voorstel om sekere streke binne elke kontinent vir intensiewe studie uit te sonder nadat die ligging, topografie en dreinerings van die kontinent in hooftrekke behandel is, het die grootste byval gevind as metode om die sillabus te verkort (80,2% sts. 6- tot 8-onderwysers).

- (2) Hierna volg die voorstel dat in standerds 6 tot 8 die wêreld in hoof-trekke behandel word om 'n geheelbeeld vas te lê sodat in stander 9 en 10 meer gevorderde werk aangebied kan word (75,4% van die standerds 6- tot 8-onderwysers).
- (3) Die derde voorstel om die sillabus te verkort en wat deur 70,9 persent onderwysers voorgestaan word, is dat binne bepaalde streke bepaalde menslike bedrywe wat van aardrykskundige betekenis is, uitgesonder en in standerds 9 en 10 behandel word.
- (4) Die beperking van matematiiese en fisiese Aardrykskunde (63,2% onderwysers) en sistematiese behandeling van meer onderwerpe (62,4% onderwysers) blyk metodes te wees wat 'n bydrae sal lewer om die sillabus te verkort.

Die gevolgtrekking waartoe geraak word is dat die Aardrykskunde-sillabusse vir standerds 6 tot 8 van die onderskeie onderwysowerhede volgens die onderwysers verkort kan word, en dat 'n beter seleksie van leerinhoud met betrekking tot oorsigtelike en intensiewe behandeling nodig is.

4.3 STANDERD 9- EN 10-AARDRYKSKUNDE-ONDERWYSERS SE VOORSTELLE OM DIE STANDERD 9- EN 10-SILLABUSSE TE VERKORT

Die volgende voorstelle met betrekking tot die verkorting van die sillabus is deur die st. 9- en 10-onderwysers gemaak (die landsbeeld word verstrekk):

- (1) Die voorstel om sekere streke binne elke kontinent vir intensiewe studie uit te sonder nadat die ligging, topografie en dreinerings van die kontinent in hooftrekke behandel is, het die grootste byval gevind (86,9% stander 9- en 10-onderwysers).
- (2) Om en by twee derdes van die stander 9- en 10-onderwysers het die voorstel dat in standerds 6 tot 8 die wêreld in hooftrekke behandel word om 'n geheelbeeld vas te lê sodat in stander 9 en 10 gevorderde werk gedoen kan word (68,5%); die voorstel dat binne bepaalde streke bepaalde menslike bedrywe wat van aardrykskundige betekenis is, uitgesonder word vir behandeling in stander 9 en 10 (66,7%), en die voorstel dat meer onderwerpe volgens die sistematiese metode behandel word en dat net sekere kontinente intensief in die geheel behandel word (65,5%), as metodes wat nagenoeg dieselfde gewig dra, aangedui om die sillabus te verkort.

4.4 DIE MENINGS VAN PROFESSORE, LEKTORE EN DOSENTE IN VERBAND MET VOORSTELLE OM DIE SILLABUSSE TE VERKORT

Die professore, lektore en dosente se voorstelle om die sts. 6- tot 8- en die st. 9- en 10-sillabusse te verkort, is die volgende:

4.4.1 Die sts. 6- tot 8-sillabusse

Die twee voorstelle wat die grootste groep professore, lektore en dosente se goedkeuring wegdra om die sillabus te verkort - nagenoeg twee derdes van hierdie personeel ondersteun hierdie voorstelle - is onderskeidelik die volgende:

- (1) Die voorstel dat sekere streke binne elke kontinent geselekteer word vir intensiewe studie nadat die ligging en bou van die kontinent in hooftrekke behandel is (64,7%).
- (2) Die voorstel dat in die laer standerds (6 tot 8) die hele wêreld oorsigtelik behandel word om 'n geheelbeeld vas te lê en dat in stander 9 en 10 meer besonderhede behandel word (63,6%).

Die voorstelle om die sillabus te verkort en wat in 'n mindere mate byval gevind het, is die volgende:

- (1) Die voorstel om matematiese en fisiese aardrykskunde net tot dit te beperk wat in direkte verband met ekonomiese bedrywe van die mens staan (46,3%).
- (2) Die voorstel dat binne bepaalde streke bepaalde menslike bedrywe wat van aardrykskundige belang is, geselekteer word vir behandeling (40,6%).
- (3) Die voorstel dat meer onderwerpe sistematies behandel moet word en dat net sekere kontinente in die geheel behandel word (35,7%).
- (4) Die voorstel dat net die kontinente van die suidelike halfrond in standerds 6 tot 8 en dié van die noordelike halfrond en die Republiek van Suid-Afrika in standerd 9 en 10 behandel word (27,0%).
- (5) Die voorstel dat bepaalde gebiede waar groot konsentrasies menslike aktiwiteite gevind word, vir behandeling uitgesonder word (25,8%).

4.4.2 Die st. 9- en 10-sillabusse

Wat betref die verkorting van die standerd 9- en 10-sillabus, is die volgende voorstelle ingedien:

- (1) Die voorstel dat sekere streke van 'n kontinent vir intensiewe studie geselekteer word nadat die ligging en bou van die kontinent in hoof-treкке behandel is, het die grootste byval gevind as metode om die standerd 9- en 10-sillabus te verkort (82,5%).
- (2) Hierna volg in dalende orde van gewildheid die voorstel dat binne bepaalde streke bepaalde menslike bedrywe wat van aardrykskundige belang is, vir behandeling uitgesonder word (64,7%), en die voorstel dat bepaalde gebiede met groot konsentrasies menslike aktiwiteite vir behandeling uitgesonder word (63,2%).
- (3) Die voorstel dat meer onderwerpe sistematies behandel word en slegs sekere kontinente in die geheel (59,4%), het ook as 'n metode om die sillabus te verkort, redelik byval gevind.
- (4) Die voorstel dat matematiese en fisiese aardrykskunde beperk moet word (41,0%) het in 'n mindere mate byval gevind.

Dit blyk dat die professore, lektore en dosente 'n beter seleksie van leerinhoud vir die sillabus voorstaan om bepaalde belangrike aspekte toe te lig. Langs hierdie weg sal meer essensiële leerinhoud in die sillabus opgeneem kan word wat tot 'n verkorting van die sillabus sal lei.

4.5 DIE MATE WAARIN DIE SILLABUSSE SO GERANGSKIK IS DAT ORDE, SISTEEM EN EENHEID DAARUIT SPREEK

Wat betref die landsbeeld, vind onderskeidelik 61,3, 51,9 en 53,8 persent st. 6-, st. 7- en 8- en st. 9- en 10-onderwysers die sillabusse deurgaans so gerangskik dat orde, sisteem en eenheid daaruit spreek. Die persentasie onderwysers wat die sillabus net in sekere afdelings bevredigend gerangskik vind, is redelik hoog, naamlik 34,5 vir st. 6, 44,5 vir st. 7 en 8 en 44,1 vir st. 9 en 10.

Ontleed volgens owerhede, sien die beeld vir die verskillende standerds daar soos volg uit:

(1) Standaard 6

Met die uitsondering van Natal met 46,5 persent, is meer as 60 persent van die onderwysers van die ander vyf onderwysowerhede van mening dat die sillabus deurgaans so gerangskik is dat dit van orde, sisteem en eenheid spreek. Die persentasies onderwysers wat meen dat die sillabus net in sekere afdelings bevredigend gerangskik is, wissel van 36,9 vir die nie-departementele skole tot 28,2 vir die Oranje-Vrystaat. Van die onderwysers vind 21,1 persent die sillabus glad nie so gerangskik nie, terwyl daar geen onderwysers in die Oranje-Vrystaat en Transvaal is wat hierdie mening huldig nie.

(2) Standaard 7 en 8

Terwyl slegs 33,3 persent van die onderwysers van Suidwes-Afrika die sillabus deurgaans bevredigend gerangskik vind, wissel die persentasies vir die ander vyf onderwysowerhede van 48,9 persent (Kaapland) tot 59,0 persent (Transvaal). Die persentasies onderwysers wat meen dat die sillabus net in sekere afdelings bevredigend gerangskik is, wissel van 60,0 vir Suidwes-Afrika tot 38,0 vir Transvaal, terwyl die persentasie onderwysers wat meen dat die sillabus glad nie bevredigend gerangskik is nie, relatief klein is (2,2 tot 6,7%).

Wat veral opval, is dat 'n relatiewe groot groep onderwysers nie met die rangskikking van die sillabusinhoud tevrede is nie. Hierdie feit kan nie verontagsaam word nie, want die onderwyser is die persoon wat in die praktyk die probleme ervaar.

(3) Standaard 9 en 10

Die persentasie onderwysers wat meen dat die sillabus deurgaans so gerangskik is dat dit van orde, sisteem en eenheid spreek, wissel van 66,6 vir Suidwes-Afrika tot 47,6 vir die Oranje-Vrystaat. Meer as die helfte van die onderwysers van Natal (51,1%) meen dat die sillabus net in sekere afdelings bevredigend gerangskik is, terwyl 33,3 persent van die onderwysers van Suidwes-Afrika hierdie mening toegedaan is. Die persentasie onderwysers wat meen dat die sillabus glad nie bevredigend gerangskik is nie, is gering en wissel van 3,2 vir die nie-departementele skole tot nul vir die Oranje-Vrystaat, Transvaal en Suidwes-Afrika.

'n Relatiewe groot groep onderwysers blyk nie met die rangskikking van die sillabusinhoud tevrede te wees nie. Hierdie onderwysers is gewoonlik die senior Aardrykskunde-onderwysers en hulle besware behoort deur die sillabusopstellers van die onderwysowerhede opgevolg te word.

4.6 ONDERWERPE WAT VOLGENS DIE STANDERD 9- EN 10-ONDERWYSERS IN DIE STANDERD 9- EN 10-SILLABUS INGESLUIT BEHOORT TE WORD

Die volgende onderwerpe, gesien in die lig van die doelstellings met Aardrykskunde, behoort volgens die st. 9- en 10-Aardrykskunde-onderwysers in die standaard 10-sillabus ingesluit te word:

- (1) Toegepaste politieke geografie, met die klem op die interpretasie van teenswoordige wêreldprobleme en die verband tussen internasionale handel en politieke aangeleenthede.
- (2) Voedselvoorsiening oor die wêreld.
- (3) Arbeidsvoorsiening met betrekking tot die belangrikste bedrywe in verskillende streke.
- (4) 'n Algemene vertolkingskennis van kaartprojeksies.
- (5) 'n Elementêre kennis van die interpretasie van lugfoto's.

Die gevolgtrekkings waartoe geraak word, is die volgende:

- (1) Die voorstel dat toegepaste politieke geografie met die klem op interpretasie van teenswoordige wêreldprobleme en die verband tussen internasionale handel en politieke aangeleenthede as onderwerp (persentasies wissel van 70,4 tot 93,3) en dat voedselvoorsiening oor die wêreld as 'n onderwerp tot die sillabus bygevoeg word (persentasies wissel van 62,0 tot 83,2 met Suidwes-Afrika uitgeslote), het deurgaans die grootste groep onderwysers se ondersteuning gekry. Alleen Suidwes-Afrika gee aan die interpretasie van lugfoto's bo voedselvoorsiening (onderwerp B) voorkeur.
- (2) Arbeidsvoorsiening en die vertolking van kaartprojeksies as onderwerpe wat tot die sillabus bygevoeg behoort te word, het minder byval gevind.

4.7 ONDERWERPE WAT VOLGENS DIE PROFESSORE, LEKTORE EN DOSENTE IN DIE STANDERD 9- EN 10-SILLABUS INGESLUIT BEHOORT TE WORD

Die professore, lektore en dosente se mening oor die onderwerpe wat tot die standerd 9- en 10-sillabusse bygevoeg behoort te word, verskil van die standerd 9- en 10-onderwysers se menings. Die grootste groep van hierdie personeel aan tersiêre opleidingsinrigtings (72,6%) in die land het aan voedselvoorsiening oor die wêreld voorkeur gegee. Hierna volg die interpretasie van lugfoto's met 60,8 persent professore, lektore en dosente wat daaraan voorkeur gee.

4.8 DIE STADIUM WAARIN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA IN DIE STANDERD 9- EN 10-SILLABUS SISTEMATIES BEHANDEL BEHOORT TE WORD

Die standerd 9- en 10-onderwysers se standpunt met betrekking tot die stadium waarin die Republiek van Suid-Afrika sistematies behandel behoort te word, is uiteenlopend van aard. Van die onderwysers in die land is 49,7 persent van mening dat die Republiek van Suid-Afrika met die aanvang van streeksaardrykskunde sistematies behandel moet word. Vir die onderskeie onderwysowerhede is die onderwysers wat hierdie standpunt huldig, ook die grootste groep, behalwe vir Natal (persentasies wissel van 47,5 vir die nie-departementele skole tot 76,2 vir Suidwes-Afrika met 34,3 persent vir Natal).

'n Relatiewe groot persentasie onderwysers (28,0% vir die land) is van mening dat die Republiek van Suid-Afrika eers aan die einde van die sillabus sistematies behandel behoort te word. Van die onderwysowerhede het Natal die grootste persentasie onderwysers (47,2%) wat hierdie standpunt huldig. Selfs die mening dat die Republiek aan die begin van die sillabus elementêr en meer volledig aan die einde van die sillabus behandel behoort te word, is deur 'n relatiewe groot persentasie onderwysers voorgestaan (22,3%).

Die standpunt dat die Republiek met die aanvang van streeksaardrykskunde sistematies behandel behoort te word, word egter deur die grootste groep onderwysers voorgestaan.

4.9 DIE BEHANDELING VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA IN STANDERDS 6 TOT 8 MET INAGNEMING VAN VROEË SKOOLVERLATING

Dit blyk dat 72,8 persent van die onderwysers in die land ten gunste is van die voorstel dat die standerds 6- tot 8-sillabusse voorsiening behoort te maak vir die sistematiese behandeling van die Republiek van Suid-Afrika met die oog op moontlike vroeë skoolverlating van leerlinge. Die persentasies vir die onderskeie onderwysowerhede wissel van 62,4 vir die nie-departementele skole tot 90,0 vir Suidwes-Afrika.

Die Aardrykskunde-onderwysers se standpunt is geregverdig, want dit is noodsaaklik dat leerlinge met die aardrykskunde van hulle vaderland verbind moet wees as hulle in die naskoolse lewe staan. Hierdie standpunt moet egter

nie net in die lig van vroeë skoolverlating geregverdig word nie, maar in die lig van vakkeuses op skool. Die vakkeuse van leerlinge kan sodanig wees dat Aardrykskunde nie in standerd 9 en 10 gevolg word nie, of die skool kan Aardrykskunde net tot standerd 8 aanbied, en daarom is dit noodsaaklik dat leerlinge tot en met standerd 8 deeglike kennis van die aardrykskunde van hul vaderland moet opdoen.

4.10 DIE AFDELINGS VAN AARDRYKSKUNDE WAARAAN DIE STANDERD 9- EN 10-LEERLINGE DIE MEESTE VORKEUR GEE

Dit blyk dat streeksaardrykskunde insake die wyse waarop mense in verskillende gebiede lewe, vir 73,6 persent van die standerd 9- en 10-Aardrykskunde-leerlinge die afdeling is waaraan hulle die meeste voorkeur gee. Hierna volg in dalende orde van gewildheid geomorfologie (62,5%) en die huidige wêreldprobleme en die geografiese implikasies daarvan (54,3%) as die tweede en derde afdeling waaraan voorkeur gegee word. Streeksaardrykskunde met verwysing na die mens se ekonomiese bedrywe (51,5%) neem die vierde plek op die voorkeurrangorde in. Die beeld vir die onderskeie onderwysowerhede stem ooreen met die landsbeeld.

Omwenteling en aswenteling (38,1%), kartografie (36,7%), oseanografie (33,6%), klimaatstreke (26,5%), klimatologie (25,2%), berekening van tyd, lengte- en breedtegraad (25,1%) en wêreldhandel (24,1%) is afdelings in die sillabus waaraan leerlinge in 'n geringe mate voorkeur gee of waarvan hulle in 'n geringe mate hou. Die beeld vir die onderskeie onderwysowerhede stem nagenoeg ooreen met die landsbeeld.

5. KLASHANDBOEKE

5.1 DIE MATE WAARIN DIE ONDERRIG VAN AARDRYKSKUNDE GESTREM WORD DEUR DIE GEBREK AAN GESKIKTE HANDBOEKE

Die Aardrykskunde-onderwysers, professore, lektore en dosente van Aardrykskunde is gevra of die onderrig van Aardrykskunde in die sekondêre skole (sts. 6-10) gestrem word deur die gebrek aan geskikte handboeke. Met betrekking tot die responsies is die volgende afleidings gemaak:

5.1.1 Standerds 6 tot 8

Net meer as die helfte van die standerds 6- tot 8-Aardrykskunde-onderwysers (53,8%) in die land is van mening dat die onderrig van Aardrykskunde nie deur die gebrek aan geskikte handboeke gestrem word nie. Slegs 28,9 persent reken dat die gebrek aan geskikte handboeke wel die onderrig van die vak strem, terwyl 17,3 persent onseker is.

5.1.2 Standaard 9 en 10

Ongeveer die helfte van die Aardrykskunde-onderwysers (50,3%) is van mening dat die onderrig van Aardrykskunde deur die gebrek aan geskikte handboeke gestrem word, terwyl 43,5 persent die teenoorgestelde standpunt huldig. Dit is weer duidelik dat daar baie meningsverskil is.

5.1.3 Professore, lektore en dosente

Hier is daar 'n besliste meerderheid van die respondente (64,7%) wat die mening toegedaan is dat die onderrig van Aardrykskunde wel deur die gebrek aan geskikte handboeke gestrem word. Slegs 21,6 persent van die lektore en dosente het ontkennend op die vraag geantwoord.

5.1.4 Gevolgtrekking

Die afleiding wat gemaak kan word, is dat daar wel bedenkinge bestaan oor die geskiktheid van die handboeke en dat die onderrig van Aardrykskunde, veral in die hoër standerds, in 'n redelike mate hierdeur gestrem word.

5.2 DIE MATE WAARIN DIE SUKSES VAN AARDRYKSKUNDE-ONDERRIG VAN DIE GEBRUIK VAN HANDBOEKE AFHANKLIK IS

5.2.1 Standerds 6- tot 8-onderwysers

Volgens die landsbeeld het die grootste groep onderwysers (69,6%) aangedui

dat die sukses van Aardrykskunde-onderrig in 'n redelike mate van die gebruik van die klashandboek afhanklik is. Dit is ook die standpunt van die grootste groep onderwysers van al die owerhede met persentasies wat versprei lê tussen die 84,3 vir Natal en die 55,7 vir die Oranje-Vrystaat.

5.2.2 Standerd 9- en 10-Aardrykskunde-onderwysers

Net soos in die geval van die standerds 6- tot 8-Aardrykskunde-onderwysers, stem die meeste van die standerd 9- en 10-Aardrykskunde-onderwysers (80,0%) saam dat die sukses van Aardrykskunde-onderrig in 'n redelike mate van die gebruik van handboeke afhanklik is. Die persentasie vir die verskillende onderwysowerhede is deurgaans hoog en wissel van 91,1 vir Natal tot 71,4 vir die Oranje-Vrystaat (Suidwes-Afrika uitgesluit).

5.2.3 Professore, lektore en dosente se standpunt

Net meer as driekwart van die professore, lektore en dosente in die land (76,5%) is die mening toegedaan dat suksesvolle Aardrykskunde-onderrig in 'n redelike mate van die gebruik van klashandboeke afhanklik is.

5.2.4 Gevolgtrekking

Hiervan kan afgelei word dat alhoewel die klashandboek nie die onderrig beheer nie, dit tog 'n noodsaaklike hulpmiddel is. Dit blyk dus dat die skoolwerk nie om die handboeke moet sentreer nie. Die handboek moet nooit diktator van die werksaamhede wees nie, maar altyd in diens van die arbeid van die skolier staan.

Die persoon dus wat hom slaafs aan die handboek bind en nie in staat is om sy individuele stempel op die werk af te druk nie, toon 'n gebrek aan voldoende opleiding; of die nodige belangstelling en ywer in die onderrig van die vak ontbreek. Dit beteken egter nie dat die handboek nie met vrug benut kan word nie; tewens, die inskakeling van die handboek as hulpmiddel is noodsaaklik.

5.3 DIE MATE WAARIN DIE INHOUD VAN DIE AARDRYKSKUNDE-HANDBOEKE WAT DEUR AARDRYKSKUNDE-ONDERWYSERS GEBRUIK WORD, DIE VOORGESTELDE SILLABUS DEK

5.3.1 Bevindings met betrekking tot sts. 6 tot 8

Meer as die helfte van die onderwysers dui aan dat die handboeke in 'n hoë mate die standerds 6- tot 8-sillabus dek, (st. 6: 64,1%; st. 7: 58,5%; st. 8: 60,1%). Aardrykskunde-onderwysers wat aandui dat die handboeke in 'n redelike mate en in 'n hoë mate die sillabus vir standerds 6, 7 en 8 dek, is onderskeidelik 95,7, 92,9 en 92,5 persent.

5.3.2 Bevindings met betrekking tot st. 9 en 10

Wat betref die standerd 9- en 10-Aardrykskunde-onderwysers, is 42,6 en 42,4 persent van mening dat die handboeke die sillabus onderskeidelik in 'n hoë mate en in 'n redelike mate dek.

5.3.3 Gevolgtrekking

Dit blyk dus dat die Aardrykskunde-onderwysers in 'n redelike mate met die handboeke tevrede is vir sover dit die sillabus dek. Dit val egter op dat daar 'n groter tevredenheid met die standerds 6- tot 8-handboeke as met die standerd 9- en 10-handboeke is. Die beeld vir die onderskeie onderwysowerhede stem feitlik met die landsbeeld ooreen.

5.4 DIE MATE WAARIN DIE INHOUDSFEITE VAN DIE HANDBOEKE WAT DEUR DIE ONDERWYSERS GEBRUIK WORD, AKKURAAAT IS

Die feit dat meer as 90 persent van die Aardrykskunde-onderwysers die inhoudsfeite van die handboeke in 'n hoë of in 'n redelike mate as akkuraat

beskou, dui daarop dat die handboeke tevrede stel wat betref die akkuraatheid van inhoudsfeite. Hierdie gevolgtrekking geld ook vir die onderskeie onderwysowerhede.

5.5 DIE MATE WAARIN DIE ILLUSTRASIE VAN DIE HANDBOEKE WAT DEUR DIE ONDERWYSERS GEBRUIK WORD, MODERN IS

Die feit dat om en by driekwart van die st. 6- tot 10-Aardrykskunde-onderwysers aandui dat die illustrasies in handboeke in 'n hoë of in 'n redelike mate modern is, lei tot die gevolgtrekking dat die handboeke met betrekking tot die illustrasies, in 'n redelike mate bevredigend is. Hierdie tendens geld ook vir die onderskeie onderwysowerhede.

5.6 DIE MATE WAARIN DIE DIAGRAMME VAN DIE HANDBOEKE WAT DEUR DIE ONDERWYSERS GEBRUIK WORD, DUIDELIK EN AKKURAAAT IS WAT BETREF DETAIL EN ANNOTERING

Op grond van die feit dat meer as driekwart van die onderwysers die diagramme in 'n hoë en in 'n redelike mate in die sts. 6- tot 8-handboeke as akkuraat beskou, is die gevolgtrekking dat die handboeke in 'n redelike mate bevredigend is wat betref die detail en annotering van diagramme. Hierdie tendens geld ook vir die onderskeie onderwysowerhede.

5.7 DIE MATE WAARIN DIE HANDBOEKE WAT DEUR ONDERWYSERS GEBRUIK WORD, VOLDOENDE SKETSKAARTE, BLOKDIAGRAMME EN FOTO'S BEVAT

Die grootste en tweede grootste groep onderwysers is van mening dat die sts. 6- tot 10-handboeke onderskeidelik in 'n redelike en in 'n mindere mate voldoende sketskaarte, blokdiagramme en foto's bevat. Hierdie tendens geld ook vir die onderwysowerhede, behalwe vir Kaapland en Suidwes-Afrika waar die onderwysers wat in 'n mindere mate tevrede is, die grootste groep is. Die gevolgtrekking is dat die Aardrykskunde-handboeke onbevredigend is omdat die meerderheid onderwysers in 'n redelike of minder mate tevrede is.

5.8 DIE WENSLIKHEID DAARVAN DAT KLASHANDBOEKE VOORBEELDE VAN HUISWERKTAK NA ELKE HOOFSTUK BEHOORT TE GEE

5.8.1 Aardrykskunde-onderwysers se menings

- (i) Standerds 6 tot 8 Volgens die landsbeeld is sowat 'n driekwart van die onderwysers ten gunste daarvan dat die klashandboek voorbeelde van huiswerktake na elke hoofstuk behoort te gee.
- (ii) Standaard 9 en 10 Vir die land as geheel het 60,3 persent van die onderwysers ten gunste van die voorstel geantwoord, met persentasies wat wissel van 65,1 vir Kaapland tot 46,7 vir Suidwes-Afrika. Die persentasie onderwysers wat daarteen gekant is, is hoër vir standaard 9 en 10 (31,0%) as vir standerds 6 tot 8 (13,0%).
- (iii) Gevolgtrekking Dit wil dus voorkom asof die onderwysers van standerds 6 tot 8 meer leiding van die handboek verwag omdat hulle minder ervare is of omdat hulle Aardrykskunde slegs as 'n bykomstige vak doseer.

5.8.2 Professore, lektore en dosente se menings

Van die totale getal professore, lektore en dosente is meer as die helfte (54,9%) dit eens dat die klashandboek voorbeelde van huiswerktake na elke hoofstuk behoort te gee. Die persentasie professore, lektore en dosente wat die teenoorgestelde mening toegedaan is, is egter hoër as dié van die onderwysers (41,2% teenoor die 31,0% van die standaard 9- en 10-onderwysers en die 13,0% van die standerds 6- tot 8-onderwysers).

5.9 DIE WENSLIKHEID DAARVAN DAT KLASHANDBOEKE OOK VRAE IN DIE VORM VAN PROBLEEMSTELLINGS WAT BEREDENERING VEREIS, SAL INSLUIT

5.9.1 Standerds 6- tot 8-Aardrykskunde-onderwysers

Vir die land as geheel, het verreweg die meerderheid van die onderwysers (80,6%) aangedui dat sommige vrae in die klashandboek ook in die vorm van probleemstellings wat beredenering vereis, behoort te wees.

5.9.2 Standaard 9- en 10-Aardrykskunde-onderwysers

Persentasiegewys is meer van die standaard 9- en 10-onderwysers (87,9%) as standerds 6 tot 8-onderwysers (80,6%) ten gunste van die voorstel.

5.9.3 Professore, lektore en dosente

Volgens die totaalbeeld is die oorgrote meerderheid van die lektore en dosente (78,4%) van mening dat die handboeke ook vrae in die vorm van probleemstellings wat beredenering vereis, moet bevat.

5.9.4 Gevolgtrekking

Hierdie standpunt van onderwysers, professore, lektore en dosente strook met die moderne opvatting om Aardrykskunde as dinkvak en nie slegs as memo-riesevak aan te bied nie.

5.10 DIE WENSLIKHEID DAARVAN DAT DAAR OOK VOORBEELDE VAN UITGEWERKTE VERGELYKENDE STUDIES IN DIE KLASHANDBOEKE BEHOORT TE WEES

5.10.1 Standerds 6 tot 8 Twee derdes van die standerds 6- tot 8-Aardrykskunde-onderwysers is ten gunste van voorbeelde van uitgewerkte, vergelykende studies in die klashandboek.

5.10.2 Standaard 9 en 10 Byna twee derdes (63,4%) van die onderwysers is van mening dat daar wel voorbeelde van uitgewerkte, vergelykende studies in die klashandboek behoort te wees.

5.10.3 Professore, lektore en dosente Wat betref die landsbeeld, is 58,8 persent van die professore, lektore en dosente ten gunste van voorbeelde van uitgewerkte, vergelykende studies in die handboeke.

5.11 DIE WENSLIKHEID DAARVAN DAT DIE KLASHANDBOEK OOK VRAE MET MODELANTWOORDE EN PUNTETOEKENNING BEHOORT TE GEE WAT SAL VOLDOEN AAN DIE VEREISTES SOOS VIR DIE STANDERD 10-EKSAMEN GESTEL

5.11.1 Standaard 9- en 10-Aardrykskunde-onderwysers

Dit blyk dat 59,7 persent van die onderwysers ten gunste van die voorstel is dat die klashandboek ook vrae met modelantwoorde en puntetoe-kenning behoort te gee soos vir die st. 10-eksamen, teenoor 33,7 persent wat nie ten gunste daarvan is nie.

5.11.2 Professore, lektore en dosente

Volgens die landsbeeld is feitlik driekwart (74,5%) van die professore, lektore en dosente nie ten gunste van die voorstel nie, dit wil sê slegs 25,5 persent is ten gunste daarvan.

5.12 DIE WENSLIKHEID DAARVAN DAT DIE KLASHANDBOEK DEUR MIDDEL VAN BLADSY-VERWYSINGSNOMMERS ONDERAAN BLADSYE LEERLINGE BEHOORT TE HELP OM VERGELYKENDE STUDIES TE KAN MAAK

Byna driekwart (74,4%) van die standerds 6- tot 8-onderwysers en 81,3 persent van die st. 9- en 10-onderwysers is ten gunste van die voorstel dat

die klashandboek deur middel van bladsyverwysingsnommers onderaan bladsye leerlinge behoort te help om vergelykende studies te doen. Dit wil ook voorkom asof hierdie voorstel in 'n hoë mate die goedkeuring wegdra van die onderwysers van al die onderwysowerhede met persentasies wat wissel van 93,3 vir Suidwes-Afrika tot 78,0 vir die nie-departementele skole.

Wat betref die professore, lektore en dosente, is nagenoeg twee derdes (64,7%) (landsbeeld) ten gunste van die voorstel, terwyl 35,3 persent daarteen is. 'n Aansienlike hoër persentasie professore, lektore en dosente as standerd 9- en 10-onderwysers is egter teen die voorstel gekant.

5.13 DIE WENSLIKHEID DAARVAN DAT DIE KLASHANDBOEK SO GESKRYF WORD DAT DIE KLEM OP DIE VERKLARENDE IN PLAAS VAN DIE BESKRYWENDE VAL

- (1) Nagenoeg die helfte van die sts. 6- tot 8-Aardrykskunde-onderwysers (53,8%) in die land sou verkies dat handboeke so geskryf word dat die klem op die verklarende in plaas van die beskrywende val.
- (2) 'n Hoër persentasie van die standerd 9- en 10-onderwysers (67,1%) as in die geval van die standerds 6- tot 8-onderwysers (53,8%), stem saam met hierdie voorstel.

5.14 DIE WENSLIKHEID DAARVAN DAT DIE KLASHANDBOEK SLEGS DIE BASIESE FEITE MOET GEE SODAT DIT NIE DIE ONDERWYSER SE INISIATIEF (BY DIE VERKLARING DAARVAN) TE VEEL AAN BANDE LÊ NIE

- (1) Indien al die onderwysers wat vir standerds 6 tot 8 klas gee, in aanmerking geneem word, blyk dit dat die grootste groep (41,0%) nie ten gunste daarvan is dat die klashandboek slegs die basiese feite moet gee nie. Daarenteen is 32,7 persent daarvoor, terwyl 'n redelike hoë persentasie onderwysers, naamlik 26,3, onseker is.
- (2) Ook hier is die grootste groep st. 9- en 10-onderwysers nie ten gunste van klashandboeke wat slegs die basiese feite gee nie. Die persentasies is 36,1 ten gunste daarvan en 46,6 daarteen.
- (3) Die professore, lektore en dosente is in 'n veel groter mate as die onderwysers daarvan oortuig dat die klashandboek nie slegs basiese feite moet gee nie. Die persentasies is 29,4 ten gunste daarvan en 60,8 daarteen.
- (4) Gevolgtrekking Die algemene reaksie van die onderwysers, professore, lektore en dosente op hierdie vraag is dan ook in ooreenstemming met die reaksies op die ander voorstelle ten opsigte van die handboeke, sodat dit duidelik is dat daar volgens hulle mening soveel hulp van die handboeke moet uitgaan as wat prakties moontlik is.

5.15 DIE WENSLIKHEID DAARVAN DAT DIE KLASHANDBOEK SOVEEL KONKRETE FEITE AS MOONTLIK TEN OPSIGTE VAN STREEKSAARDRYKSKUNDE BEHOORT TE GEE

- (1) Van die standerds 6- tot 8-Aardrykskunde-onderwysers in die land het 56,2 persent die mening uitgespreek dat die klashandboeke soveel konkrete feite as moontlik ten opsigte van streeksaardrykskunde behoort te gee. Slegs 18,1 persent onderwysers het hierdie mening teengestaan, terwyl 25,7 persent getwyfel het.
- (2) Volgens die totaalbeeld het 'n groter persentasie van die standerd 9- en 10-onderwysers (61,1%) as van die standerd 6- tot 8-onderwysers (56,2%) aangedui dat hierdie voorstel hulle goedkeuring wegdra. Daar is egter ook 'n groter persentasie standerd 9- en 10-onderwysers as standerds 6- tot 8-onderwysers wat nie die handboek so geskryf wil hê nie (26,8% vir standerd 9 en 10 teenoor 18,1% vir standerds 6 tot 8).
- (3) Anders as in die onderwysers se geval, het die grootste groep professore, lektore en dosente (51,0%) aangedui dat hulle nie die voorstel steun nie,

terwyl 35,3 persent ten gunste van die voorstel was.

5.16 DIE WENSLIKHEID DAARVAN DAT STANDAARDHANDBOEKE VIR STS. 6 TOT 10
VOORGESKRYF BEHOORT TE WORD LIEWER AS OM HANDBOEKE VOLGENS EIE
KEUSE TE GEBRUIK

- (1) Die totaalbeeld toon dat 61,5 persent standerds 6- tot 8-Aardrykskunde-
onderwysers verkies dat standaardhandboeke vir standerds 6 tot 10
voorgeskrif moet word, liewer as om handboeke volgens eie keuse te
gebruik. Slegs 22,1 persent van die onderwysers stem nie saam nie,
terwyl 16,4 persent onseker is.
- (2) Daar bestaan groot meningsverskil onder die stander 9- en 10-onderwysers
insake die wenslikheid daarvan dat standaardhandboeke voorgeskryf behoort
te word. Van die totale getal onderwysers is 45,3 persent ten gunste
van die voorstel en 44,5 persent daarteen, terwyl 10,2 persent onseker
is.

5.17 DIE WENSLIKHEID DAARVAN DAT 'N KOMITEE DEUR DIE ONDERSKEIE ONDERWYSOWERHEDE
SAAMGESTEL WORD OM KLASHANDBOEKE TE SKRYF EN TE HERSIEN

Die voorstel dat 'n komitee deur die onderskeie onderwysowerhede
saamgestel word om klashandboeke te skryf en te hersien, blyk oor die
algemeen baie gewild onder die onderwysers te wees. Volgens die landsbeeld
is daar 'n geringe daling in die persentasies vanaf stander 6 tot stander
10 van die onderwysers wat ten gunste van die voorstel is. Die persentasies
onderwysers vir die standerds is soos volg: 78,8 vir st. 6; 78,0 vir st. 7;
75,7 vir st. 8, en 69,2 vir st. 9 en 10.

5.18 OMSTANDIGHEDE TEN OPSIGTE VAN DIE SKOOLHANDBOEK SEDERT 1966

Met betrekking tot die moontlike verbetering, al dan nie, van die
Aardrykskundehandboek sedert 1966 stel die ondergenoemde persone (albei lede
van die Advieskomitee vir Aardrykskunde-onderrig) die saak soos volg:

Mnr. N.J. Wessels (Inspekteur van Onderwys, Transvaal):

- "(1) 'n Groot verbetering het na 1966 ingetree ten opsigte van die
gehalte van handboeke wat vir hoërskole beskikbaar is.
- (2) Daar bestaan 'n verskeidenheid van handboeke waaruit onderwysers
hul keuse kan maak.
- (3) Die handboeke voorsien in alle aspekte van die vereistes van die
leergang.
- (4) Daar is reeds volledig oorgeskakel na die metrieke stelsel.
- (5) Baie handboeke gee pragtig leiding aan die onderwysers ten opsigte
van toetsing, meting, evaluering, werksopdragte, onderwerpstudies,
en dies meer.
- (6) Daar is voldoende handboeke beskikbaar in Engels sowel as in
Afrikaans.
- (7) Die T.O.D. Biblioteekdiens stel ook 'n geklassifiseerde bronnelys
tot beskikking van hoër- en laerskole.

Uit bostaande blyk dit dus baie duidelik dat daar 'n groot
verbetering ingetree het ten opsigte van handboeke".

Mnr. J.G. Hattingh (Inspekteur van Onderwys, Natal):

"Presently there are no text books orientated for this specific need and

the general consensus of opinion in Natal indicates an urgent need for this, as the approach to the subject matter is so different.

Books presently used are primarily designed for the "A" level pupils, and these are in many instances not sufficiently simplified for adequate digestion by the less intellectual scholars".

6. HULPMIDDELS

6.1 DIE GETAL ONDERWYSERS WAT OOR 'N GOED INGERIGTE AARDRYKSKUNDE-KLASKAMER OF -LABORATORIUM BESKIK

Slegs 14,1 persent van die 1295 Aardrykskunde-onderwysers in die land beskik oor goed ingerigte Aardrykskunde-klaskamers of -laboratoria. Dus is daar 81,9 persent Aardrykskunde-onderwysers wat van mening is dat hulle nie oor 'n goed ingerigte Aardrykskunde-klaskamer beskik nie. Aangesien Aardrykskunde by uitstek 'n vak is wat hom tot die gebruik van hulpmiddels leen, kan verwag word dat die onderrig van hierdie vak skade sal ly vanweë die gebrekkige voorsiening van lokale en hulpmiddels.

6.2 DIE TOERUSTING VAN AARDRYKSKUNDE-KLASKAMERS OF -LABORATORIA

Uit die totale getal onderwysers in die land, naamlik 1295, het slegs 692 of 53,4 persent 'n muurprop vir 'n projektor in die huidige klaslokaal. Die item wat die tweede meeste in die klaskamers aangetref word, is muurkaarhangere bokant die swartbord waaraan kaarte gehang en verskuif kan word. Uit die totaal van 1295 onderwysers beskik slegs 311 of 24,0 persent oor hierdie apparaat. Die item wat die derde meeste in die klaskamers aangetref word, is blinders vir verdonkering tydens filmvertonings. Uit die totaal van 1295 onderwysers beskik slegs 307 of 23,7 persent hieroor.

Indien daar aanvaar kan word dat die eerste drie items, volgens die rangorde vir die land as geheel, noodsaaklike toerusting vir die Aardrykskunde-klaskamer is, dan is die toestand nie bevorderlik vir die onderrig van Aardrykskunde aan sekondêre skole nie. Daar moet egter ook in gedagte gehou word dat, waar Aardrykskunde slegs in standerd 6 onderrig word, daar dikwels nie vir 'n spesiale Aardrykskunde-klaskamer voorsiening gemaak word nie. Die feit dat Aardrykskunde na standerd 6 'n keusevak kan wees, en aan sommige sekondêre skole nie onderrig word nie, bemoeilik die daarstelling van 'n spesiaal ingerigte klaskamer. Wat betref die onderskeie onderwysowerhede, stem die beeld nagenoeg met die landsbeeld ooreen.

6.3 AARDRYKSKUNDE-KLASKAMERS WAT OOR VOORRAADKAMERS BESKIK

Van die 1295 Aardrykskunde-onderwysers in die land, het die klaskamers van slegs 15,4 persent 'n voorraadkamer. Daar kan aanvaar word dat die gebrek aan ruimte dit vir onderwysers moeilik maak om 'n voorraad hulpmiddels aan te hou en dit sal weer belemmerend inwerk op die onderrig van Aardrykskunde.

6.4 RUIMTE IN DIE KLASKAMER VIR MODELWERK, 'N KLASMUSEUM EN 'N KLASBIBLIOTEEK

6.4.1 Ruimte vir modelwerk

Wat betref die landsbeeld, het 13,7 persent van die onderwysers aangedui dat hulle klaskamers oor genoeg ruimte vir modelwerk beskik, terwyl dit by 86,4 persent nie die geval is nie. Indien daar aanvaar word dat modelwerk 'n belangrike hulpmiddel in die onderrig van Aardrykskunde is, is die toestand ten opsigte van beskikbare ruimte vir modelwerk onbevredigend.

6.4.2 Ruimte vir 'n klasmuseum

Die toestand wat betref ruimte vir 'n klasmuseum, is min of meer dieselfde as vir modelwerk. Van die totale getal onderwysers in die land

het 13,4 persent aangedui dat hulle oor voldoende ruimte vir 'n klasmuseum beskik, terwyl 86,6 persent nie oor voldoende ruimte beskik nie. Ook wat ruimte vir 'n klasmuseum betref is die toestand dus baie onbevredigend.

6.4.3 Ruimte vir 'n klasbiblioteek

In die geheel beskou, is daar blykbaar meer ruimte vir klasbiblioteke beskikbaar as vir modelwerk of 'n klasmuseum. Van die totale getal onderwysers het 30,3 persent bevestig dat daar genoeg ruimte vir klasbiblioteke beskikbaar is, terwyl 69,7 persent ontkennend geantwoord het.

6.5 HULPMIDDELS WAT DIE ONDERWYSERS IN VOORRAAD HET WAT DEUR HULLE ONDERWYS- OWERHEID OF DEUR HULLESELF AANGESKAF IS

Wat betref die aardbol vir klaskamergebruik, het 65,7 persent van die onderwysers aangedui dat dit deur die onderwysowerheid verskaf is, terwyl 'n verdere 21,6 persent dit self aangekoop het en 12,7 persent nie 'n aardbol in voorraad het nie. Met betrekking tot landkaarte het 56,7 persent van die onderwysers aangedui dat dit deur die onderwysowerheid verskaf is, terwyl 23,5 persent dit self aangekoop het en 19,8 persent nie landkaarte in voorraad het nie. Atlasse as hulpmiddel vir die onderwyser is in die geval van 40,5 persent van die onderwysers deur die onderwysowerheid verskaf; 35,4 persent het dit self aangeskaf, terwyl 24,1 persent nie spesiale atlasse gehad het nie.

Wat betref ander hulpmiddels, het dit aan die lig gekom dat dit deur die onderwysowerheid verskaf is of deur die onderwyser self aangekoop is. Dit blyk dat van hierdie hulpmiddels in 'n mindere mate gebruik word, aangesien die persentasies onderwysers wat daarvoor beskik, relatief klein is.

Dit blyk dat daar verskeie hulpmiddels is wat deur die onderwysers self aangeskaf is, wat verkieslik deur die onderwysowerheid voorsien moes word. Hiermee word natuurlik nie bedoel dat die onderwysowerheid hulpmiddels soos byvoorbeeld reliëfmodelle, wat die leerlinge veronderstel is om self te maak, moet verskaf nie.

6.6 LANDKAARTE WAAROM AARDRYKSKUNDE-ONDERWYSERS BESKIK

Wat betref die landsbeeld, is die volgende afleidings te maak:

- (1) Die kaarte wat die meeste en die tweede meeste onderwysers besit, is onderskeidelik politieke kaarte en kaarte wat die bou aandui van Suid-Afrika, die wêreld, Afrika, Australië, Noord- en Suid-Amerika, Europa en Asië.
- (2) Van Suid-Afrika het die meeste onderwysers die grootste verskeidenheid kaarte (omtrek, politiek, reënval, plantegroei en so meer).
- (3) Behalwe vir die politieke en boukaarte wat die grootste groep onderwysers het, het nagenoeg 'n kwart kaarte wat die temperatuur, lugdruk en winde, reënval, klimaat en plantegroei van die verskillende vastelande aandui.
- (4) Tussen 10 en 20 persent onderwysers het kaarte wat die produkte, stede, verkeer en bevolking van die vasteland aandui.
- (5) Die verskaffing van kaarte aan skole vir doeltreffender onderrig van Aardrykskunde, behoort die onderwysowerhede se aandag te geniet.

6.7 HULPMIDDELS WAT DEUR AARDRYKSKUNDE-ONDERWYSERS AS NOODSAAKLIK VIR DIE ONDERRIG VAN AARDRYKSKUNDE BESKOU WORD

6.7.1 Noodsaaklike hulpmiddels vir standerd 6

- (1) Die aardbol (94,5%), atlasse (92,8%), en landkaarte (86,4%) is die drie hulpmiddels in hierdie volgorde, wat die noodsaaklikste vir die onderrig van Aardrykskunde is.
- (2) Hierna volg filmskyfies en 'n projektor (56,5%) en termometers (50,3%) as hulpmiddels wat deur nagenoeg die helfte van die Aardrykskunde-onderwysers as noodsaaklik beskou word.
- (3) Nagenoeg 'n derde beskou diagramme vir die muur (39,6%), klankfilm (39,4%), anerofedbarometer (30,9%) en 'n wêreldkaart vir nuusblad-aardrykskunde (33,2%) as noodsaaklike hulpmiddels vir die onderrig van Aardrykskunde.
- (4) Die volgende hulpmiddels blyk onnodig vir die onderrig van Aardrykskunde in standerd 6 te wees: landmeetkundige instrumente (85,5%), pantograaf (78,0%), sekstant (76,0%), anemometer (70,7%), Stevenson-skerm (68,9%).
- (5) Die oorblywende 11 hulpmiddels is in 'n mindere of meerdere mate wenslik of onnodig.

6.7.2 Noodsaaklike hulpmiddels vir standerd 7 en 8

- (1) Atlasse (96,5%), landkaarte (92,9%) en die aardbol (84,6%) is in hierdie volgorde die drie noodsaaklikste hulpmiddels vir die onderrig van Aardrykskunde in standerd 7 en 8.
- (2) Filmskyfies en projektor (59,3%), diagramme vir die muur (45,6%), termometers (45,8%) en enige apparaat om prente te projekteer (44,1%) kan in 'n redelike mate as noodsaaklike hulpmiddels beskou word.
- (3) Landmeetkundige instrumente (73,3%), pantograaf (69,0%), sekstant (65,6%), anemometer (59,8%) en tellurium (58,2%) blyk onnodige hulpmiddels vir standerd 7 en 8 te wees.
- (4) Die oorblywende 13 hulpmiddels is in 'n mindere of meerdere mate wenslik of onnodig.

6.7.3 Noodsaaklike hulpmiddels vir standerd 9 en 10

- (1) Atlasse (94,4%), landkaarte (88,4%) en aardbolle (85,7%) is in hierdie volgorde die belangrikste hulpmiddels vir Aardrykskunde-onderrig in standerd 9 en 10.
- (2) Topografiese kontoerkaarte (69,2%), termometer (66,7%), filmskyfies en projektor (62,8%), diagramme vir die muur (60,1%), anerofedbarometer (60,7%) is hulpmiddels wat as noodsaaklik gekwalifiseer kan word.
- (3) Die higrometer (55,9%), enige apparaat om prente te projekteer (53,6%) en die Six-termometer (50,1%), klankfilm (46,8%), modelle van landvorme (45,9%), reliëfmodelle (45,7%) en 'n wêreldkaart vir nuusbladaardrykskunde (45,5%) is hulpmiddels wat as redelik noodsaaklik in Aardrykskunde-onderrig in standerd 9 en 10 beskou kan word.
- (4) Die oorblywende 8 hulpmiddels blyk nie van belang vir Aardrykskunde-onderrig in standerd 9 en 10 te wees nie.

6.8 DIE MATE WAARIN DIE VERSKILLENDE HULPMIDDELS MET DIE ONDERRIG VAN AARDRYKSKUNDE GEBRUIK WORD

6.8.1 Hulpmiddels wat in standerd 6 gebruik word

- (1) Dit blyk dat atlasse (94,5%), die aardbol (89,1%) en landkaart (77,7%) die drie hulpmiddels is wat die meeste en wel dikwels deur Aardrykskunde-onderwysers in standerd 6 gebruik word.
- (2) Die meerderheid hulpmiddels word nooit nie deur die grootste groep onderwysers gebruik. Hulpmiddels wat onder andere genoem kan word, is die sekstant (92,4%), anemometer (94,4%), landmeetkundige instrumente (96,1%), Stevenson-skerm (93,7%), pantograaf (96,1%), higrometer (89,7%), Six-termometer (83,1%), tellurium (85,5%), skaduwee-instrument (87,4%), lugfoto's (82,3%) en topografiese kaart (80,1%).

6.8.2 Hulpmiddels wat in standerd 7 en 8 gebruik word

- (1) Atlasse (93,8%), landkaart (76,8%) en die aardbol (71,7%) is die drie hulpmiddels wat die meeste en wel dikwels deur Aardrykskunde-onderwysers gebruik word.
- (2) Die meerderheid hulpmiddels word nooit nie deur die grootste groep onderwysers gebruik. Die volgende hulpmiddels kan onder andere genoem word: pantograaf (96,2%), landmeetkundige instrumente (95,9%), verdeelde houtaardbol (93,8%), anemometer (91,9%), Stevenson-skerm (90,8%), sekstant (90,0%), skaduwee-instrument (84,2%), tellurium (83,5%), lugfoto's (83,1%) en apparaat om prente te projekteer (79,2%).

6.8.3 Hulpmiddels wat in standerd 9 en 10 gebruik word

- (1) Atlasse (98,5%), die aardbol (77,3%) en landkaart (71,3%) is die drie hulpmiddels wat die meeste en wel dikwels deur onderwysers met die onderrig van Aardrykskunde in standerd 9 en 10 gebruik word.
- (2) Die meerderheid hulpmiddels word nooit nie deur die grootste groep onderwysers gebruik. Daar is egter persentasiegewys meer onderwysers in standerd 9 en 10 as in standerds 6 tot 8 wat seld van hierdie hulpmiddels gebruik. Die persentasies is egter klein in vergelyking met die persentasies onderwysers wat nooit nie hierdie hulpmiddels gebruik.

6.9 GEVOLGTREKKINGS MET BETREKKING TOT HULPMIDDELS VIR DIE ONDERRIG VAN AARDRYKSKUNDE

Wanneer die Aardrykskunde-onderwysers se responsies met betrekking tot die hulpmiddels wat noodsaaklik vir die onderrig van Aardrykskunde is, en die hulpmiddels wat met die onderrig van die vak gebruik word, in oënskou geneem word, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- (1) Alhoewel 'n redelike hoeveelheid hulpmiddels as noodsaaklik en wenslik vir die onderrig van die vak aangedui word, word hulpmiddels merendeels nooit deur onderwysers gebruik nie.
- (2) Alleen in standerd 9 en 10 word meer hulpmiddels as in standerds 6 tot 8 gebruik en strook die gebruikmaking van hulpmiddels in 'n mate met die noodsaaklikheid of wenslikheid om hulpmiddels beskikbaar te hê.
- (3) Die aardbol, atlasse en landkaart is deurgaans die drie hulpmiddels wat as noodsaaklik aangedui en die meeste gebruik word.

6.10 DIE REDES WAAROM ONDERWYSERS NIE OOR GENOEGSAME HULPMIDDELS BESKIK NIE

Die belangrikste rede waarom Aardrykskunde-onderwysers nie oor genoegsame hulpmiddels beskik nie, met Transvaal en Suidwes-Afrika uitgesonder, is 'n gebrek aan geld om hulpmiddels op die rand-vir-randstelsel aan te koop. Vir die onderwysers van Transvaal is die belangrikste rede dat die departement nie voldoende voorrade beskikbaar het nie, terwyl onderwysers van Suidwes-Afrika die gebrek aan tyd om die hulpmiddels te maak, as die belangrikste rede aanvoer.

7. AKTIWITEITE

7.1 AARDRYKSKUNDIGE VERENIGINGS AAN SEKONDÊRE SKOLE IN SUID-AFRIKA

Daar bestaan geen Aardrykskunde-verenigings aan die skole van die Oranje-Vrystaat en Suidwes-Afrika nie. Slegs 18,4, 5,0, 4,8 en 2,7 persent van die Aardrykskunde-onderwysers van onderskeidelik Natal, Kaapland, Transvaal en die nie-departementele skole verklaar dat sodanige vereniging wel aan hulle skole bestaan. Die afleiding wat gemaak word, is dat 'n Aardrykskunde-vereniging aan 'n geringe getal sekondêre skole bestaan, aangesien meer as een Aardrykskunde-onderwyser van dieselfde skool op die vraag geantwoord het.

Alhoewel so 'n vereniging baie van die onderwyser se vryetyd in beslag neem, kan dit die gewildheid van die vak heelwat bevorder aangesien die vereniging ter bevordering van Aardrykskunde onder andere die volgende aktiwiteite kan reël wat nie altyd gedurende skoolure kan plaasvind nie: uitstappies, toere, film- en skyfievertonings, modelbou, debatte, uitstallings en lesings deur outoriteite op die gebied van Aardrykskunde.

7.2 BESOEKE AAN PLEKKE WAT VAN AARDRYKSKUNDIGE BELANG VIR LEERLINGE IS

Dit blyk duidelik dat die waarnemende leervorm nie tot sy reg kom nie, want van al die onderwysers onderneem slegs 28,6 persent uitstappies met hulle leerlinge na onder andere die museum, botaniese tuine, planetarium, weerburo en fabrieke, terwyl 71,4 persent erken het dat dit nie deel van hulle onderrigprogram uitmaak nie. Alhoewel die Aardrykskunde-onderwysers wat besoeke aan plekke van aardrykskundige belang vir leerlinge reël, persentasiegewys in die minderheid is, het Transvaal die grootste groep onderwysers (40,1%) wat besoeke reël. Hierna volg die nie-departementele skole (37,3%) en die Natalse Onderwysdepartement (32,6%).

7.3 AANTEKENINGE DEUR LEERLINGE VAN KLIMATOLOGIESE VERSKYNSELS

Die onderwysers moes aandui of leerlinge gereeld aantekeninge van onder andere die temperatuur, lugdruk, winde en reënval maak. Volgens die landsbeeld is daar slegs 26,1 persent van die onderwysers wat hulle leerlinge gereeld aantekeninge van klimatologiese verskynsels (temperatuur, lugdruk, winde en reënval) laat maak, teenoor 73,9 persent wat dit nie gereeld laat doen nie.

Deur weerkundige waarnemings aan te teken bly die kind direk in kontak met die praktyk. Dit sal ook lei tot 'n beter begrip van klimaat. Hierdie metode behoort sterk aanbeveel te word by elke onderwyser wat Aardrykskunde doseer.

7.4 AARDRYKSKUNDE-ONDERWYSERS WAT HULLE LEERLINGE GEDURENDE LESPERIODES NA BUITE NEEM OM NATUURVERSKYNSELS PRAKTIES TE ILLUSTRER OF TE DEMONSTREER

Van die totale getal Aardrykskunde-onderwysers neem slegs 23,7 persent hulle leerlinge dikwels gedurende lesperiodes na buite om sekere natuurverskynsels prakties te illustreer of te demonstreer, teenoor 72,0 persent

wat dit nie doen nie.

7.5 DIE ONDERWYSERS SE MENING IN VERBAND MET VELDWERK

Slegs 17,7 persent van die totale getal onderwysers het aangedui dat veldwerk noodsaaklik vir die suksesvolle onderrig van Aardrykskunde is.

Die meeste onderwysers se standpunt is dat veldwerk 'n wenslike toevoeging tot die onderrig van Aardrykskunde is (70,7%). 'n Geringe persentasie onderwysers (5,1%) beskou veldwerk as onnodig.

8. DIE SKOOL- EN KLASBIBLIOTEEK

8.1 AARDRYKSKUNDE-ONDERWYSERS WIE SE SKOLE OOR 'N SKOOLBIBLIOTEEK BESKIK

Van die 1295 Aardrykskunde-onderwysers wat by die ondersoek betrek is, het 1191 of 92,0 persent aangedui dat daar 'n skoolbiblioteek by hulle skole is. Transvaal het die hoogste persentasie onderwysers wie se skole oor 'n skoolbiblioteek beskik (98,4%) en die nie-departementele skole die laagste persentasie (79,5%). Dit wil dus voorkom of die verskillende owerhede genoegsame voorsiening maak vir skoolbiblioteke.

8.2 AARDRYKSKUNDE-ONDERWYSERS WAT HULLESELF OP DIE HOOGTE HOU VAN NUWE AARDRYKSKUNDIGE WERKE WAT DEUR DIE BIBLIOTEEK AANGEKOOP WORD

Net meer as twee derdes van die Aardrykskunde-onderwysers (68,2%) hou hulleself op die hoogte met nuwe aardrykskundige werke wat deur die skoolbiblioteek aangekoop word, dit wil sê net minder as 'n derde (31,9%) van die onderwysers hou hulle nie op die hoogte nie. Natal (77,3%) en Transvaal (75,6%) het die hoogste persentasie onderwysers wat op die hoogte bly van die jongste aankope in die biblioteek, terwyl Suidwes-Afrika (60,0%) en die nie-departementele skole (61,2%) die laagste persentasies het.

8.3 AARDRYKSKUNDE-ONDERWYSERS WAT 'N ONDERWERPKAARTSTELSEL MET VERWYSING NA HANDBOEKE EN BLADSYNOMMERS AANHOU

Slegs 9,1 persent van die Aardrykskunde-onderwysers in die land hou 'n onderwerpkaartstelsel met verwysing na handboeke en bladsynommers aan. Die oorgrote meerderheid, naamlik 90,9 persent, maak nie van so 'n stelsel gebruik nie. Vir selfstandige studie of die uitwerk van take wat 'n sekere mate van navorsing vereis, is 'n onderwerpkaartstelsel noodsaaklik om hulp en leiding aan leerlinge te gee.

8.4 AARDRYKSKUNDE-ONDERWYSERS WAT OOR 'N VAKBIBLIOTEEK IN DIE KLASKAMER BESKIK

- (a) Slegs 8,8 persent van die sts. 6- tot 8-Aardrykskunde-onderwysers in die land het aangedui dat hulle oor 'n vakbiblioteek in die klaskamer beskik.
- (b) Feitlik 'n derde (32,6%) van die standerd 9- en 10-Aardrykskunde-onderwysers in die land beskik oor 'n vakbiblioteek in die klas. Die situasie skyn vir st. 9 en 10 gunstiger as vir standerds 6 tot 8 te wees.
- (c) Daar kan slegs gehoop word dat die Aardrykskunde-onderwysers wat nie oor 'n vakbiblioteek in die klaskamer beskik nie, die sentrale of skoolbiblioteek ten aansien van Aardrykskunde in alle opsigte bevredigend vind, en dat die afwesigheid van 'n vakbiblioteek nie aan 'n gebrek aan belangstelling in navorsingswerk as 'n onderwysmetode of weens 'n klasbiblioteek te behartig, toegeskryf sal word nie.

8.5 AARDRYKSKUNDE-ONDERWYSERS WIE SE VAKBIBLIOTEKE OOR SODANIGE HOEVEELHEID EN VERSKEIDENHEID VAN NASLAANBOEKE BESKIK DAT ALLE ONDERWERPE WAT IN STANDERD 9 EN 10 BEHANDEL WORD, DAARMEE GEDEK KAN WORD

Net minder as die helfte van die Aardrykskunde-onderwysers (48,8%) wat oor 'n vakbiblioteek beskik, het sodanige hoeveelheid en verskeidenheid van naslaanboeke dat alle onderwerpe wat in standerd 9 en 10 behandel word, daarmee gedek kan word.

8.6 DIE WYSE WAAROP DIE BOEKE VIR DIE VAKBIBLIOTEKE BEKOM IS

Dit blyk dat die meeste boeke aangekoop is uit skoolfondse (33,8%) of self aangeskaf is (30,3%). Dit dui daarop dat die betrokke owerhede nie in die nodige behoefte in verband met naslaanboeke voorsien nie of dat die aankoop van naslaanboeke deur die skoolbiblioteek nie in samewerking met die vakonderwyser geskied nie.

8.7 DIE GETAL LEERLINGE WIE SE SKOLE OOR 'N SKOOLBIBLIOTEK BESKIK

Feitlik al die skole wie se leerlinge in hierdie opname betrek is, beskik oor 'n skoolbiblioteek. Die nie-departementele skole is die enigste groep waar 'n redelike getal leerlinge (11,2%) aangedui het dat hulle skole nie oor 'n skoolbiblioteek beskik nie.

8.8 DIE MATE WAARIN LEERLINGE DIE SKOOLBIBLIOTEK BESOEK

Die landsbeeld toon dat die grootste groep (38,8%) Aardrykskunde-leerlinge baie selde die skoolbiblioteek in verband met 'n Aardrykskunde-taak besoek. Hierna volg die leerlinge wat nooit nie (28,0%), een keer per kwartaal (11,4%) en een keer per week (10,3%) die skoolbiblioteek besoek. Die beeld vir die onderskeie onderwysowerhede toon ook dat die grootste groep leerlinge baie selde of nooit nie die biblioteek in verband met 'n Aardrykskunde-taak besoek.

Opvallend is die feit dat 78,2 persent van die Aardrykskunde-leerlinge in die land se besoek aan die skoolbiblioteek in verband met 'n Aardrykskunde-taak, onbevredigend is (leerlinge wat een keer per kwartaal, baie selde en nooit nie die biblioteek besoek). Hierdie tendens geld ook vir die onderskeie onderwysowerhede.

8.9 DIE MATE WAARIN LEERLINGE NA SKOOLURE VAN VAKLITERATUUR GEBRUIK MAAK OM AARDRYKSKUNDE-TAKE UIT TE WERK

Die meeste leerlinge (altesaam 78,5%) maak selde of nooit van vakliteratuur na skoolure gebruik om Aardrykskunde-take uit te werk nie. Persentasies wissel van 71,5 vir die nie-departementele skole tot 94,7 vir Suidwes-Afrika.

8.10 DIE MATE WAARIN AARDRYKSKUNDE-STUDENTE IN HULLE EERSTE JAAR VOLGENS DIE LEKTORE EN DOSENTE IN STAAT IS OM LITERATUUR MET INSIG EN VRUG TE GEBRUIK

Twee derdes van die professore, lektore en dosente (68,6%) het aangedui dat die studente in 'n geringe mate in staat is om selfstandig literatuurstudie te doen. Die afleiding wat gemaak kan word, is dat 'n groot groep van die studente as leerlinge op skool nie die nodige leiding van hulle onderwysers in hierdie verband ontvang het nie, of dat die skool nie oor die nodige publikasies in die biblioteek beskik het om aan leerlinge die geleentheid vir selfstandige naslaanwerk te kon bied nie. Slegs 27,4 persent van die studente kon volgens die doserende personeel van tersiêre onderwysinrigtings in 'n redelike mate selfstandig navors en literatuurstudie onderneem.

8.11 PROFESSORE, LEKTORE EN DOSENTE SE MENING IN VERBAND MET DIE WENSLIKHEID
DAARVAN DAT STANDERD 10-LEERLINGE VERSKILLENDE BRONNE BEHOORT TE RAADPLEEG,
IN STEDE VAN HULLE SLEGS BY DIE KLASHANDBOEK TE BEPAAL

Die oorgrote meerderheid (88,2%) van die professore, lektore en dosente is van mening dat die leerlinge in st. 10 wat vir die matrikulasievrystellingsertifikaateksamen werk, verskillende bronne behoort te raadpleeg, in plaas van hulle slegs by die klashandboek te bepaal, terwyl slegs 11,8 persent nie hiermee akkoord gaan nie.

9. METODIEK VAN AARDRYKSKUNDE-ONDERRIG

9.1 AANBIEDING VAN LEERINHOUD MET VERWYSING NA DIE BEPALING VAN VERBANDE
EN DIE GEE VAN VERKLARINGS

Die ondersoek toon dat 83,8 persent van die standerds 6- tot 8-Aardrykskunde-onderwysers en 92,7 persent van die standerd 9- en 10-Aardrykskunde-onderwysers die mening toegedaan is dat die Aardrykskunde-onderwyser hom ten doel moet stel om deurgaans die verband tussen feite aan te toon en verklarings te gee vir verskynsels waarmee die mens te doen kry.

9.2 AARDRYKSKUNDE-ONDERWYSERS WIE SE LES BESKRYWEND MET AKSENTUERING VAN
DIE AANSKOULIKE IS

Dit het verder aan die lig gekom dat 56,5 persent van die standerds 6- tot 8-onderwysers en 41,8 persent van die standerd 9- en 10-onderwysers hulle leerstof meestal in die vorm van 'n beskrywing aanbied waarin hulle poog om 'n lewende beeld voor die kind se geestesoog te skep, met aksentuering van die aanskoulike. Die noodsaaklikheid van voldoende geleentheid vir interpretasie, verklaring en toepassing blyk ook duidelik.

9.3 AARDRYKSKUNDE-ONDERWYSERS WAT AAN LEERLINGE PROBLEME STEL WAT IN 'N
KLASGESPREK OPGELOS MOET WORD

Net meer as die helfte van die standerds 6- tot 8-onderwysers (53,1%), maar minder as die helfte van die standerd 9- en 10-onderwysers (47,2%) lê aan leerlinge probleme voor wat in 'n klasgesprek opgelos moet word. Dit is duidelik dat onderwysers meer aandag aan hierdie belangrike vorm van onderwys behoort te gee.

9.4 INSKAKELING VAN DIE LEERGESPREG

Dit blyk dat 18,3 persent van die standerds 6- tot 8- en 75,9 persent van die standerd 9- en 10-Aardrykskunde-onderwysers in die land nie die leergesprek gebruik nie. Slegs 18,7 persent van die standerds 6- tot 8- en 24,1 persent van die standerd 9- en 10-onderwysers maak van 'n leergesprek gebruik waarin leerlinge hulle leermetodes met mekaar bespreek. Ook hierdie metode behoort meer aandag te geniet.

9.5 DIE AARD VAN MONDELINGE VRAE

Volgens die landsbeeld is ongeveer die helfte (50,5%) van die onderwysers se mondelinge vrae op die oplossing van probleme gerig, terwyl 49,4 persent van die onderwysers se vrae op die reproduksie van feite gerig is.

9.6 DIE INSKAKELING VAN SKETSKAARTE IN DIE ONDERRIGPROGRAM

Sewentig komma drie persent van die standerds 6- tot 8-onderwysers en 92,9 persent van die standerd 9- en 10-onderwysers stel dit as 'n vereiste dat leerlinge die verbreding van produkte op 'n sketskaart van 'n streek behoort te kan plaas.

Wat die plasing van verkeersweë op 'n sketskaart betref, is die ooreenstemmende persentasies 50,9 vir standerds 6 tot 8 en 84,2 vir standerd 9 en 10.

Sewentig komma agt persent van die standerds 6- tot 8-onderwysers en 90,6 van die standerd 9- en 10-onderwysers stel dit as 'n vereiste dat leerlinge minerale en fabrieke op 'n sketskaart van 'n streek kan plaas.

Die oorgrote meerderheid van die onderwysers (88,6%) is van mening dat standerd 10-leerlinge in staat behoort te wees om aardrykskundige gegewens met behulp van sketskaarte te kan toelig.

9.7 AARDRYKSKUNDE-ONDERWYSERS WAT VAN LEERLINGE VERWAG OM HULLE EIE AANTEKENINGE TE MAAK

Van die standerds 6- tot 8-onderwysers laat 55,9 persent hulle leerlinge sover moontlik hulle eie aantekeninge oor onderwerpe maak (definisies en sekere basiese begrippe uitgesluit), eerder as om hulle klaar uitgewerkte aantekeninge te gee. Van die standerd 9- en 10-onderwysers is daar 71,7 persent wat hulle leerlinge self aantekeninge laat afneem, eerder as om uitgewerkte aantekeninge te gee.

9.8 OPLOSSING VAN PROBLEME

Driekwart van die onderwysers (75,9%) stel hulle ten doel om standerd 10-leerlinge sover te bring om 'n probleem selfstandig te ontleed, om toe-paslike gegewens in te samel, om 'n hipotese te formuleer en eie gevolgtrekkings te maak, terwyl slegs 6,0 persent dit nie doen nie. Byna 'n vyfde (18,1%) van die onderwysers is onseker of hulle doelbewus daarna streef om leerlinge te lei om self probleme op te los.

Volgens die landsbeeld is 44,0 en 32,8 persent st. 10-onderwysers van mening dat onderskeidelik tussen 0 en 25 persent en tussen 26 en 50 persent van die leerlinge daarin slaag om 'n probleem selfstandig te ontleed, toe-paslike gegewens in te samel, 'n hipotese te formuleer en eie gevolgtrekkings te maak.

9.9 DIE SAMESTELLING VAN DIE ONDERWYSERS SE WERKSKEMAS

Vir 61,2 persent van die onderwysers dien die werkskema slegs as 'n raamwerk van die leerinhoud met 'n tydsindeling. Vir die tweede grootste groep onderwysers (15,0%) is die werkskema 'n raamwerk van die leerinhoud met tydsindeling en met die doelstellings van lesse of komponente of afdelings van die leerinhoud.

9.10 DIE VEREISTES VIR DIE SUKSESVOLLE ONDERRIG VAN AARDRYKSKUNDE

Die rangorde volgens die belangrikheid van die eerste drie vereistes vir die suksesvolle onderrig van Aardrykskunde is soos volg:

- (1) Die Aardrykskunde-onderwyser moet 'n entoesias wees wat sy leerlinge voortdurend inspireer en op die hoogte hou met die mees resente aardrykskundige ontwikkelings op die wêreldfront.
- (2) Die onderwyser moet ook 'n deeglike kenner van sy vak wees, met ander woorde hy moet die leerstof beheers.
- (3) Hy moet sy leerlinge in 'n hoë mate tot selfwerkzaamheid aktiveer sodat hulle die geleentheid kry om vir hulleself te dink.

9.11 DIE INSKAKELING VAN SELFWERKSAAMHEID IN DIE ONDERRIGPROGRAM

(a) Die belangrikste doelstellings met selfwerkzaamheid

Volgens die landsbeeld is die drie belangrikste doelstellings met selfwerkzaamheid wat deur die onderwysers aangedui is, die volgende:

- (i) Om 'n beter insig in die werk te kry.

(ii) Om selfstandig tot die oplossing van die probleem te kom.

(iii) Om kennis vas te lê.

(b) Die belangrikheid van sekere vorme van selfwerkzaamheid gedurende lesperiodes

Volgens die ondersoek blyk die teken van sketskaarte, kontoerkaarte, diagramme en grafieke die belangrikste vorm van selfwerkzaamheid van die leerlinge te wees gedurende lesperiodes in standers 6 tot 8 (42,1 en 45,3 persent standers 6- tot 8-onderwysers het hierdie vorm van selfwerkzaamheid onderskeidelik as noodsaaklik en wenslik aangedui). Van die stander 9- en 10-onderwysers beskou 63,6 persent hierdie vorm van selfwerkzaamheid as noodsaaklik terwyl 31,0 persent dit as wenslik beskou.

Volgens die onderwysers is die onbelangrikste vorm van selfwerkzaamheid, om die leerlinge kaarte van die skoolomgewing buite die klas te laat teken.

9.12 OMVANG EN METODES VAN HUISWERK

9.12.1 Die tyd wat tuis aan Aardrykskunde-huiswerk bestee word

Wat betref die tyd wat aan Aardrykskunde-huiswerk bestee word, is die landsbeeld soos volg:

- (1) Die grootste enkele groep stander 9- en 10-leerlinge (39,8%) bestee ewe veel tyd aan die huiswerk van al die vakke.
- (2) Leerlinge wat ietwat meer of baie meer tyd aan Aardrykskunde-huiswerk as aan ander vakke bestee, is gesamentlik 39,6 persent van die leerlinge.
- (3) Leerlinge wat ietwat minder of baie minder tyd aan Aardrykskunde-huiswerk in vergelyking met ander vakke bestee, is gesamentlik 20,4 persent.

Die gevolgtrekking is dat Aardrykskunde-huiswerk sy regmatige aandeel van die tyd kry wat aan huiswerk bestee word.

9.12.2 Die mees geslaagde huiswerkmetode vir streeksaardrykskunde

Vir stander 7 en 8 is die geslaagdheid van huiswerkmetodes vir streeksaardrykskunde soos volg:

- (1) Opsommings (die mees geslaagde metode).
- (2) Opsteltipevraag volgens onderwyser se skema.
- (3) Probleemvrae wat van leerlinge vereis om feite te verwerk (die mees onsuksesvolle metode).

Vir stander 9 en 10 is die geslaagdheid van huiswerkmetodes vir streeksaardrykskunde soos volg:

- (1) Opsteltipevraag volgens die onderwyser se skema (mees geslaagde metode).
- (2) Probleemvrae wat van leerlinge vereis om feite te verwerk.
- (3) Opsommings.

9.12.3 Die verhouding tussen skriftelike werk en leerwerk in huiswerkopdragte

- (1) Wat betref stander 6, het die grootste groep onderwysers (46,6%)

aangedui dat hulle huiswerkopdragte hoofsaaklik uit leerwerk bestaan.

- (2) Wat betref standerd 7 en 8, bestaan die meeste onderwysers (48,8%) se huiswerkopdragte uit ewe veel skriftelike en leerwerk. Die tweede grootste groep onderwysers (40,6%) se huiswerkopdragte bestaan hoofsaaklik uit leerwerk.
- (3) Wat betref standerd 9 en 10, bevat die huiswerkopdragte van die meeste onderwysers ook ewe veel skriftelike en leerwerk (48,4%). Die tweede grootste groep onderwysers (33,3%) het aangedui dat hulle huiswerkopdragte hoofsaaklik uit leerwerk bestaan.

9.13 NUUSBLADAARDRYKSKUNDE

- (1) Die metode wat deur die meeste onderwysers gebruik word wanneer hulle nuusbladaardrykskunde behandel, is om die nuus met die leerlinge te bespreek (aangedui deur 58,9% onderwysers in die land).
- (2) Die soort nuus wat die meeste onderwysers van hulle leerlinge verlang, is nuus wat te doen het met die huidige wêreldprobleme alhoewel dit nie altyd direkte verband het met die Aardrykskunde wat behandel word nie (54,4%).
- (3) Die hoofdoel met nuusbladaardrykskunde, volgens die onderwysers, is om leerlinge op die hoogte te hou van die jongste aardrykskundige ontwikkelings (45,2%). Om die leerlinge die geleentheid te gee om die beginsels wat hulle in Aardrykskunde geleer het, prakties toe te pas, is deur die tweede grootste groep onderwysers aangedui as die hoofdoel met nuusbladaardrykskunde.

9.14 HERSIENING

- (1) Die belangrikste wyse waarvolgens hersiening gewoonlik gedurende lesperiodes in standerd 10 gedoen word, is om skriftelike toetse te gee wat ook bespreek word (aangedui deur 31,0 persent van die onderwysers). Die tweede belangrikste wyse waarvolgens hersiening gedoen word, is om daaglikse mondelinge vrae aan die leerlinge te stel oor werk wat hulle by die huis moes leer (23,5%). Die derde belangrikste wyse is om aan leerlinge ou matriekvraestelle te gee wat hulle moet uitwerk (20,2%).
- (2) Van die onderwysers wat gereeld skriftelike toetse gedurende die hersieningstydperk gee, sien 78,2 persent al die werk deeglik na, terwyl 12,3 persent dit nie doen nie.

Van al die onderwysers in die land verwag 44,1 persent dat leerlinge hulle vrae volgens hulle eie skemas moet beantwoord, terwyl 55,9 persent van die onderwysers dit nie verwag nie.

Die oorgrote meerderheid van die onderwysers (73,2%) lê 'n tydse beperking, soortgelyk aan die standerd 10-eksamen op vir die skriftelike toetse wat hulle gedurende die hersieningstydperk gee, terwyl 26,9 persent van die onderwysers dit nie doen nie.

10. EVALUERING

10.1 DOELSTELLINGS MET TOETSING

10.1.1 Vir standerds 6 tot 8 is die drie belangrikste doelstellings met toetsing soos volg (landsbeeld):

- (1) Om op 'n vinnige wyse vas te stel of die klas in geheel die afgehandelde werk goed begryp (65,4%).

- (2) Om seker te maak dat leerlinge hulle werk leer (63,9%).
- (3) Om leerlinge hersiening te laat doen met die oog op die vaslegging van feitlikhede vir die eksamen (38,0%).

10.1.2 Vir standerd 9 en 10 is die drie belangrikste doelstellings met toetsing soos volg (landsbeeld):

- (1) Om seker te maak dat leerlinge hulle werk leer (64,7%).
- (2) Om op 'n vinnige wyse vas te stel of die klas in geheel die afgehandelde werk goed begryp (62,2%).
- (3) Om vas te stel of die leerlinge in staat is om hulle kennis insigtelik te gebruik (58,8%).

10.1.3 Gevolgtrekking

Dit blyk dat met toetsing die onderwysers daarop ingestel is om te verseker dat die leerlinge die werk begryp en leer met die oog op die eksamen.

10.2 **DIE MATE WAARIN EKSAMENVRAE GESTEL WORD WAT LEERLINGE SE FEITEKENNIS TOETS TEENOR EKSAMENVRAE WAT INSIGTELIKE BEREDENERING VEREIS**

Meer as die helfte van die totale getal standerd 9- en 10-onderwysers stel ewe veel beredenerings- as feitevrae (51,6%). Die neiging bestaan egter om meer feitevrae (24,3% van die totale getal onderwysers) as beredeneringsvrae (16,8%) te stel. Min onderwysers vra uitsluitlik beredenerings- (2,7%) of feitevrae (3,5%).

Ook wat betref die professore, lektore en dosente, verkies die meeste (58,8%) ewe veel beredenerings- as feitevrae. Die tweede grootste groep verkies meer feite- as beredeneringsvrae (25,5%), terwyl die derde grootste groep (13,7%) meer beredenerings- as feitevrae verkies.

10.3 **REDES WAAROM STANDERD 9- EN 10-AARDRYKSKUNDE-ONDERWYSERS OOR STREEKS-AARDRYKSKUNDE SLEGS OF HOOFSAAKLIK FEITEVRAE STEL**

Die belangrikste rede wat deur 74,2 persent van die totale getal standerd 9- en 10-onderwysers aangedui is, is dat leerlinge nie gereed genoeg is om beredeneringsvrae oor streeksaardrykskunde te beantwoord nie. Die tweede belangrikste rede, aangedui deur 14,3 persent van die onderwysers, is dat name van berge, riviere en baaie dikwels in die eindeksamen gevra word.

10.4 **DIE BASIS WAAROP PUNTE TOEGEKEN WORD**

Die twee belangrikste basisse waarvolgens onderwysers punte toeken, is vir blyke van selfstandige studie (45,1%) en vir enige feit wat verband het met die vraag (44,3%).

Feitlik al die professore, lektore en dosente is dit eens dat punte in die standerd 10-eksamen vir blyke van insig en nie slegs vir die weergawe van feite toegeken moet word nie (94,1%). Verder is 80,4 persent van die professore, lektore en dosente van mening dat punte ook vir blyke van selfstandige studie toegeken behoort te word, terwyl feitlik driekwart (74,5%) van hulle ook meen dat punte vir blyke van selfstandige vergelykings toegeken behoort te word.

10.5 **MENINGS OOR HOE VRAE OOR STREEKSAARDRYKSKUNDE IN DIE STANDERD 10-EKSAMEN GESTEL MOET WORD**

Nagenoeg twee derdes van die onderwysers in die land is die mening toegedaan dat elke keusevraag net oor een kontinent gestel moet word (65,1%). Dit blyk ook dat 80,7 persent van die onderwysers van mening is dat vrae nie

net oor sekere aspekte van die geografie van 'n streek gestel moet word nie, maar dit moet ook die totaalbeeld toets wat leerlinge van 'n streek het.

Dit val ook op dat 44,0 persent onderwysers die opsteltipevraag verkies wat nie in onderafdelings ingedeel is nie, maar waar van die leerlinge verwag word om volgens hulle eie skema te antwoord, terwyl 56,0 die opsteltipevraag in onderafdelings ingedeel wil hê.

10.6 VERPLIGTE VRAE IN DIE STANDERD 10-EINDEKSAMEN

Meer as driekwart van sowel die onderwysers (76,6%), as professore, lektore en dosente (78,4%) is van mening dat daar 'n verpligte vraag oor die Republiek van Suid-Afrika in die standaard 10-eindeksamen gevra moet word.

10.7 DIE AFSKAFFING VAN DIE EKSTERNE EKSAMENSTELSELS

(a) Die grootste groep van sowel die onderwysers (63,4%) as die professore, lektore en dosente (72,5%) is ten gunste daarvan dat die standaard 10 eksterne eksamen behou moet word. Die persentasie onderwysers en professore, lektore en dosente wat van mening is dat die eksterne eksamen afgeskaf moet word, is onderskeidelik 35,7 en 27,5.

(b) Die twee belangrikste redes wat deur die onderwysers, professore, lektore en dosente vir die afskaffing van die eksterne eksamen aangevoer word, is die volgende:

(1) Die leerstof sal beter by die intelligensie, behoeftes en belangstelling van die leerlinge aangepas kan word, aangesien die leerlinge andersins net met die oog op die eksamen voorberei word.

(2) By die leerlinge sal 'n groter liefde vir die vak ontwikkel kan word.

(c) Om en by die helfte van die totale getal onderwysers (56,7%) en van die professore, lektore en dosente (49,1%) het as die belangrikste rede waarom die eksterne eksamen nie afgeskaf moet word nie, aangevoer dat sonder die eksterne eksamen die matriekstandaard sal daal. Die tweede belangrikste rede is dat sonder die eksterne eksamen sal onderwysers sekere afdelings van Aardrykskunde ten koste van ander oorbeklemtoon.

10.8 DIE WENSLIKHEID VAN 'N GROTER GETAL KEUSEVRAE IN DIE STANDERD 10-EINDEKSAMEN

Die grootste enkele groep onderwysers, (55,3%) professore, lektore en dosente (52,9%) is tevrede met die getal keusevrae in die eindeksamen. Die persentasie onderwysers wat meer keusevrae verlang (44,6%) is relatief 'n groot groep. Die menings oor die getal keusevrae in die eindeksamen blyk dus uiteenlopend te wees.

11. DIE STAND VAN AARDRYKSKUNDE AS VAK IN SEKONDÊRE SKOLE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN VAN SUIDWES-AFRIKA

11.1 DIE GETAL SKOLE WAT AARDRYKSKUNDE ONDERRIG

Dit blyk dat 55,6, 33,6 en 10,9 persent van die sekondêre skole in die land Aardrykskunde tot onderskeidelik standerd 10, standerd 8 en standerd 6 aanbied. Wat betref die onderskeie onderwysowerhede, bied al die sekondêre skole in Natal Aardrykskunde tot standerd 10 aan, terwyl die ooreenstemmende persentasies vir Suidwes-Afrika 92,3 en vir die nie-departementele skole 84,2 is. In Kaapland bied die grootste groep skole (66,5%) Aardrykskunde tot standerd 8 aan, terwyl om en by die helfte van die skole van die Oranje-Vrystaat Aardrykskunde tot standerd 10 en tot standerd 8 aanbied.

In Transvaal bied net meer as die helfte en 'n derde van die skole die vak onderskeidelik tot standerd 10 (55,8%) en standerd 6 (34,7%) aan.

11.2 GETALLE LEERLINGE WAT AARDRYKSKUNDE VIR DIE STANDERD 10-EKSAMEN AANGEBIED HET

Oor die tydperk 1956 tot 1965 het die persentasies leerlinge wat Aardrykskunde vir die standerd 10-eksamen aanbied, afwisselend gedaal en gestyg. Vir Kaapland, Natal, Oranje-Vrystaat en die nie-departementele skole het die posisie nagenoeg dieselfde gebly. Vir hierdie onderwysowerhede het onderskeidelik 'n derde, twee derdes, 'n kwart en twee derdes van die standerd 10-leerlinge oor die 10 jaar Aardrykskunde gevolg. Alleen Transvaal en Suidwes-Afrika toon 'n geringe styging in die getal leerlinge wat Aardrykskunde neem.

Op grond van die persentasies standerd 10-leerlinge wat Aardrykskunde in 1965 geneem het, is die posisie in Natal (68,0%) en die nie-departementele skole (62,2%) die gunstigste, gevolg in dalende orde van gewildheid deur Suidwes-Afrika (37,0%), Kaapland (31,2%), Oranje-Vrystaat (25,3%) en Transvaal (21,5%).

11.3 DIE HOOGSTE STANDERD WAARIN AARDRYKSKUNDE 'N VERPLIGTE VAK BEHOORT TE WEES VOLGENS DIE HOOFDE VAN SKOLE

- (a) Meer as die helfte van die hoofde (53,3%) is van mening dat Aardrykskunde 'n verpligte vak tot standerd 8 behoort te wees. 'n Verdere 33,1 persent van die hoofde meen dat die vak tot standerd 6 verpligtend moet wees, terwyl 7,3 persent van die hoofde meen dat dit tot standerd 10 verpligtend moet wees.
- (b) Van die professore, lektore en dosente is 52,9 en 35,3 persent van mening dat Aardrykskunde onderskeidelik tot standerd 8 en standerd 10 'n verpligte vak behoort te wees, terwyl 11,8 persent meen dat dit glad nie 'n verpligte vak behoort te wees nie.

11.4 DIE TYD WAT AARDRYKSKUNDE-ONDERWYSERS AAN DIE ONDERRIG VAN AARDRYKSKUNDE BESTEE

Die grootste groep standerd 6- tot 8-Aardrykskunde-onderwysers (65,0%) bestee meer tyd aan die onderrig van 'n ander vak of vakke as aan Aardrykskunde. Vir hierdie standerds 6- tot 8-onderwysers is Aardrykskunde slegs 'n byvak in hulle onderwysprogram. Slegs 9,1 persent standerds 6- tot 8-onderwysers onderrig hoofsaaklik Aardrykskunde.

Die toestand is meer gerusstellend ten opsigte van standerd 9 en 10, aangesien 60,5 persent van hierdie onderwysers uitsluitlik of hoofsaaklik Aardrykskunde onderrig. Die 19,5 persent standerd 9- en 10-onderwysers wat minder tyd aan die onderrig van Aardrykskunde as ander vakke of hoofsaaklik 'n ander vak of vakke bestee, gee egter rede tot kommer.

11.5 DIE MATE VAN GENOT EN TEVREDENHEID WAT ONDERWYSERS UIT DIE DOSEER VAN AARDRYKSKUNDE PUT

Wat betref die standerds 6- tot 8-Aardrykskunde-onderwysers, put 68,7 persent van hulle baie (38,5%) of heelwat (30,2%) genot en tevredenheid uit die onderrig van Aardrykskunde, terwyl dit by 31,3 persent nie die geval is nie.

Wat betref die standerd 9- en 10-Aardrykskunde-onderwysers, put 85,3 persent van hulle baie (59,9%) of heelwat (25,4%) genot en tevredenheid uit die onderrig van Aardrykskunde, terwyl dit by 15,8 persent nie die geval is nie.

11.6 DIE REDES WAAROM DIE ONDERRIG VAN AARDRYKSKUNDE VIR AARDRYKSKUNDE-ONDERWYSERS ONAANGENAAM IS

Vir die standerds 6- tot 8-Aardrykskunde-onderwysers is hulle gebrek aan vakkennis die belangrikste rede waarom die onderrig van Aardrykskunde vir hulle onaangenaam is.

Daarenteen is die omvattende sillabus in standerd 9 en 10 vir die standerd 9- en 10-Aardrykskunde-onderwysers die belangrikste rede waarom die onderrig van die vak vir hulle onaangenaam is.

11.7 DIE BELANGRIKSTE REDES WAAROM STANDERD 9- EN 10-LEERLINGE AARDRYKSKUNDE GENEEM HET

Die drie belangrikste redes (in rangorde) is -

- (1) omdat hulle graag wil weet hoe mense in ander lande lewe,
- (2) omdat Aardrykskunde 'n waardevolle vak is, en
- (3) omdat hulle verplig was om Aardrykskunde te neem as gevolg van die vakkeuse aan hulle skool.

11.8 DIE BELANGRIKSTE REDES WAAROM STANDERD 9- EN 10-LEERLINGE NIE AARDRYKSKUNDE AS VAK GEKIES HET NIE

Die drie belangrikste redes waarom standerd 9- en 10-leerlinge nie na standerd 6 of 8 Aardrykskunde as vak gekies het nie, is die volgende:

- (1) Aardrykskunde pas nie by hulle voorgenome beroepsrigting nie.
- (2) As gevolg van hulle vakkeuse kan hulle nie met Aardrykskunde aangaan nie.
- (3) In vergelyking met sekere ander vakke is die beroepsmoontlikhede van Aardrykskunde te beperk.

Hierdie drie redes dui daarop dat leerlinge reeds vroeg in die sekondêre skool vakkeuses doen met die oog op 'n beroepsrigting of opleiding vir 'n beroep en dat hulle in vakke belangstel wat beroepsmoontlikhede inhou.

11.9 SKOOLHOOFDE SE REDES WAAROM AARDRYKSKUNDE NIE NA STANDERD 6 IN HULLE SKOLE AANGEBIED WORD NIE

Die skoolhoofde se belangrikste rede waarom Aardrykskunde nie na standerd 6 in hulle skole onderrig word nie, is dat die aantal verpligte vakke soos deur die betrokke onderwysowerheid vereis, in standerd 7 en 8 so 'n omvang aanneem dat daar nie vir Aardrykskunde in die skoolrooster voorsiening gemaak kan word nie. Die tweede belangrikste rede is dat as gevolg van 'n klein personeel daarnie vir Aardrykskunde voorsiening gemaak kan word nie. Die derde belangrikste rede is dat die geringe getal leerlinge wat Aardrykskunde wil neem, nie 'n pos regverdig nie.

Die tweede en derde belangrikste rede hou verband met die personeelposisie. Dit blyk dus dat die groot verskeidenheid verpligte vakke en die personeelposisie die skoolhoofde verhinder om Aardrykskunde na standerd 6 aan te bied.

11.10 DIE VERNAAMSTE REDES WAAROM AARDRYKSKUNDE NOG NIE OP ALLE SEKONDÊRE SKOLE (NA STANDERD 6) DOSEER WORD NIE

Die onderstaande tabel gee 'n uiteensetting van die redes waarom Aardrykskunde nog nie na standerd 6 in al die sekondêre skole doseer word nie, soos deur skoolhoofde, Aardrykskunde-onderwysers, professore, lektore, en dosente aangedui:

Menings	Skoolhoofde Rangorde	Aardrykskunde- onderwysers Rangorde	Professore, lektore, dosente Rangorde
Die klein sekondêre skool met sy beperkte leerlingtal het 'n beperkte personeelvoorsiening en gevolglik 'n beperkte vakkeuse	1	4	-
Die vakkeuse aan skole is sodanig dat, behalwe vir Wiskunde en Natuur- en Skeikunde, beroepsgerigte vakke as keusevakke teenoor Aardrykskunde gestel word, met die gevolg dat leerlinge nie Aardrykskunde neem nie	2	2	2
Aardrykskunde hou nie dieselfde beroepsvoordele as ander vakke in nie	3	3	-
Daar bestaan 'n algemene onkunde ten opsigte van die waarde van en doel met aardrykskundige kennis	4	1	1
Die onderrig van Aardrykskunde word deur onvoorsiene omstandighede aan onopgeleide en onwillige onderwysers toevertrou	-	-	3
Daar is in 'n groot mate 'n gebrek aan die nodige hulpmiddels	-	-	3

Die skoolhoofde en Aardrykskunde-onderwysers van die onderskeie onderwysowerhede het ook die vier redes soos in die landsbeeld uiteengesit, aangedui met enkele verskille wat betref die rangorde.

Die mening wat beslis deurgaans swaar weeg by skoolhoofde, Aardrykskunde-onderwysers en professore, lektore en dosente, is dat beroepsgerigte vakke as keusevakke, behalwe vir Wiskunde en Natuur- en Skeikunde, teenoor Aardrykskunde gestel word, met die gevolg dat leerlinge nie Aardrykskunde neem nie.

12. AANBEVELINGS

12.1 DIE DOELSTELLINGS MET DIE ONDERRIG VAN AARDRYKSKUNDE

Die aanbeveling is dat elke onderwysowerheid (waar dit nog nie die geval is nie), sy Aardrykskunde-onderwysers sal voorsien van 'n breedvoerige uiteensetting van die doelstellings wat met die onderrig van die vak beoog

word sodat die onderwyser met sy lesbeplanning die doelstellings voortdurend as vertrekpunt beskikbaar het.

12.2 DIE SILLABUS

Voor die afhandeling van hierdie verslag het die nuwe kernsillabusse verskyn waarin baie van die tekortkominge van die vorige sillabusse uitgeskakel is. Die aanbevelings wat in die verslag voorkom, is egter gebaseer op die vroeëre sillabusse.

By die opstel van nuwe sillabusse behoort aandag aan die volgende gegee te word:

- (1) Die lengte van die sillabus: 'n Sillabus wat met 'n massa feite wat deur die leerlinge gememoriseer moet word, oorlaai is, bied aan hulle nie voldoende geleentheid om deur middel van verklaring, afleiding en interpretasie tot selfstandige denke te kom nie.
- (2) Veral in die laer standerds (standerds 6 tot 8) behoort genoegsame voorsiening vir 'n breë wêreldoorsig gemaak te word voordat besondere gebiede in groter detail behandel word.
- (3) Die insluiting van moderne insigte en begrippe met die klem op die interpretasie van teenswoordige wêreldprobleme en die verband tussen internasionale handel en politieke aangeleenthede in standerd 9- en 10-sillabusse behoort oorweeg te word.

12.3 KLASHANDBOEKE

- (1) Die aanbeveling is dat met die skryf van nuwe handboeke die volgende in aanmerking geneem behoort te word:
 - (a) Take na elke hoofstuk.
 - (b) Vrae in die vorm van probleemstellings wat beredenering vereis.
 - (c) Bronnelyste moet bygevoeg word waar dit nie reeds voorkom nie.
- (2) Daar bestaan 'n behoefte aan uitgebreide vakliteratuur in Afrikaans.

12.4 HULPMIDDELS

- (1) Dit blyk dat daar 'n ernstige tekort aan goed toegeruste Aardrykskunde-laboratoria of -klaskamers is. Gevolglik word aanbeveel dat by die oprigting van nuwe skoolgeboue daar spesiaal voorsiening gemaak sal word vir 'n Aardrykskunde-laboratorium wat van standaardtoerusting, soos in die geval van Natuur- en Skeikunde-laboratoria, voorsien sal wees.
- (2) Onderwysers behoort in 'n baie groter mate van hulpmiddels gebruik te maak as wat tans die geval is. Hulpmiddels is onontbeerlik om die onderwys van Aardrykskunde sinvol, aktueel, aangenaam en lewendig te maak en is onmisbaar om die belangstelling en liefde van die leerling vir die vak te wen en te behou. Daar word aanbeveel dat die verskillende onderwysowerhede (waar dit nog nie toereikend die geval is nie) ruim voorsiening sal maak vir die verskillende hulpmiddels wat die onderwysers benodig, aangesien dit uit die ondersoek blyk dat 'n groot aantal onderwysers noodsaaklike hulpmiddels self moes aanskaf.
- (3) Origens behoort die noodsaaklikheid van die gebruik van hulpmiddels pertinent onder die aandag van onderwysers en voornemende Aardrykskunde-onderwysers gebring te word. Die onderrig van Aardrykskunde word onberekenbare skade aangedoen deur onderwysers wat nog nie die waarde van hulpmiddels ten volle beseff nie.

12.5 AKTIWITEITE

Gesien in die lig van die waarde wat daar in Brittanje en die Verenigde State van Amerika aan veldwerk in Aardrykskunde geheg word, is dit dringend noodsaaklik dat in die Republiek van Suid-Afrika asook in Suidwes-Afrika meer aandag aan dié aangeleentheid gegee word.

Die aanbeveling is -

- (1) dat aktiwiteite buite die klaskamer 'n normale deel van die onderwysers se onderrigprogram moet uitmaak en dat veldwerk, veral in die laer standers, as 'n deel van die onderrigprogram van Aardrykskunde beskou moet word, en
- (2) dat spesiale voorsiening in die sillabus vir veldwerk gemaak moet word en dat oorweeg behoort te word om vrae in die eindeksamen te stel wat kennis vereis wat met veldwerk opgedoen is.

12.6 METODIEK

Die aanbeveling is -

- (1) dat die onderrig van Aardrykskunde sodanig moet wees dat die balans tussen die feitelike en verklarende gehandhaaf moet word (alle moontlike geleenthede moet aangegryp word om leerlinge sover te kry om vir hulleself te dink),
- (2) dat kontak met die werklikheid voortdurend behou moet word, deur op die hoogte te bly van die jongste wêreldgebeure deur middel van nuusbladaardrykskunde, die jongste statistiek en van wetenskaplike waarnemings kennis te neem en om uitstappies, veldwerk en aktiwiteite buite die klaskamer te reël, en
- (3) dat baie meer van praktiese bedrywighede en selfwerkzaamheid gebruik gemaak behoort te word as wat tans die geval is.

12.7 EVALUERING

Die aanbeveling is -

- (1) dat die wyse van eksaminering voortdurend deur die betrokke onderwysoverhede hersien behoort te word en dat navorsing in die verband op 'n nasionale grondslag onderneem moet word,
- (2) dat waar van uitgebreide leerplanne gebruik gemaak word, 'n groter aantal keusevrae in die eindeksamen gestel behoort te word sodat intensiewe studie van sekere streke gemaak kan word,
- (3) dat die onderrig van so 'n aard sal wees dat insigtelike beredeneringsvermoë een van die aspekte sal wees wat tydens eksaminering geëvalueer sal word,
- (4) dat die eksamenvrae van so 'n aard moet wees dat aan kandidate sekere inligting verskaf word sodat van hulle verwag sal word om afleidings te maak eerder as om net feite weer te gee, en
- (5) dat in die onderwysdepartemente waar daar tans gedifferensieer word, daar onderskeid getref word tussen -
 - (i) die insigte wat van kandidate vereis word, en
 - (ii) die vereistes wat ten aansien van die opstel in die eksamen aan hierdie kandidate gestel word.

12.8 SLOTOPMERKINGS

Aardrykskunde behoort 'n baie meer prominente plek in die skole van die Republiek van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika te beklee. Die gedagte dat Aardrykskunde ten minste as 'n keusevak tot standerd 10 in al die sekondêre skole aangebied moet word, is nie onrealisties nie aangesien in die "kleiner-geworde-wêreld" die moderne mens haas nie meer sonder die kennis van Aardrykskunde kan klaarkom nie.

Met die oog op die belangstelling van die jeug in die wêreld waarin hulle leef en die probleme waarmee hulle in toenemende mate te doen sal kry en wat die mens en sy omgewing ten nouste raak, behoort die belang van Aardrykskunde steeds duideliker gestel te word.

Aanvullend kan dit gestel word dat Aardrykskunde waardevolle agtergrond ten opsigte van beroepe in die toegepaste natuurwetenskappe en geesteswetenskappe verskaf.

Ten slotte is dit nodig om te meld dat die Komitee met waardering kennis geneem het van die goeie werk van verenigings en die bydraes by wyse van publikasies ter bevordering van Aardrykskunde as vak gedurende die afgelope tien jaar.

L I T E R A T U U R L Y S

1. LOGSDON, J.W. We are selling geography. Journal of Geography 62(8), Nov., 1963: 361-364.
2. JACKSON, E.G. The Role of the geography teacher in democracy fulfilment. Journal of Geography 56(6), Sept., 1957: 281-286.
3. FISHBACK, W.W. The Importance of geography in the curriculum. Journal of Geography 60(7), Oct., 1961: 329-331.
4. S.A. NATIONAL BUREAU OF EDUCATIONAL AND SOCIAL RESEARCH. The Teaching of English lower grade in South African secondary schools. Pretoria, 1966. (Its Research Series, No. 43.)
5. S.A. NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING. Die Vraag na en aanbod van Natuurwetenskap- en Wiskunde-onderwysers in Suid-Afrikaanse hoërskole soos op die eerste Dinsdag in Junie 1958. Deel I: 'n Opname van die Opleiding van en Werkgeleenthede vir Natuurwetenskaplikes en Ingenieurs in Suid-Afrika. Pretoria, 1961.
6. GOPSILL, G.H. The Teaching of Geography. London, MacMillan, 1961.
7. NEL, A. Waarheen mik ons in die Aardrykskunde? Die Unie 60(9), Maart 1964: 441-444.
8. HARTSHORNE, R. Perspective on the nature of Geography. London, Murray, 1960.
9. WOOLDRIDGE, S.W. and EAST, W.G. The Spirit and the purpose of Geography. London, Hutchinson, 1952.
10. BERRY, B.J.L. Approaches to regional analyses: A synthesis. Annals of the Association of American Geographers 54(1), March, 1964: 2-11.
11. KOERNER, G.E. The Vital role and scope of Geography. Journal of Geography 61(4), April, 1957: 177-180.
12. VERDUIN-MULLER, H.S. Leren met beelden. Groningen, Walters, 1964.
13. MUTTON, M. An attempt to modify the influence of geographic determinism in teaching the man-and-place relationship. Journal of Geography 61(9), Dec., 1962: 400-403.
14. SCARFE, N.V. Geography as an autonomous discipline in the school curriculum. Journal of Geography 63(7), Oct., 1964: 297-301.
15. RINGROSE, J.H. Problemen van de Aardrykskundeleergang op de middelbare school. Pedagogische studien 34(2), Feb. 1957: 46-58.

16. KAAP DIE GOEIE HOOP. Onderwysdepartement. Junior sekondêre kursus. Parow, Cape Times, 1953.
17. KAAP DIE GOEIE HOOP. Onderwysdepartement. Senior sekondêre kursus. Kaapstad, die Departement, 1961.
18. NATAL. Onderwysdepartement. Junior Sertifikaateksamen, Handboek. Pietermaritzburg, die Departement, 1962.
19. ORANJE-VRYSTAAT. Onderwysdepartement. Leerplan vir die middel-skool (sts. 6, 7 en 8), Aardrykskunde, Geskiedenis. Bloemfontein, White, 1963.
20. TRANSVAAL. Onderwysdepartement. Leergang vir Aardrykskunde, sts. 6-8. Pretoria, die Departement, 1962.
21. WAGNER, J. Der Erdkundliche Unterricht. Hannover, Schroedel, 1955.
22. MULLER, A.W. Aardrykskunde. IN: COETZEE, J.C. en BINGLE, H.J.J. Beginsels en Metodes vir die Middelbare Onderwys. Pretoria, Van Schaik, 1946.
23. CRAIG, J.K. Die Benadering, die inhoud en die inleiding van die nuwe Aardrykskunde-leergange vir standers 6 tot 10. Onderwysblad 74(814), Aug. 1967: 211-213.
24. KAAP DIE GOEIE HOOP. Onderwysdepartement. Junior sekondêre kursus. Kaapstad, die Departement, 1963.
25. NATAL. Onderwysdepartement. Junior Sertifikaateksamen, Handboek. Pietermaritzburg, die Departement, 1964.
26. NATAL. Onderwysdepartement. Senior Sertifikaateksamen, Handboek. Pietermaritzburg, die Departement, 1966.
27. ORANJE-VRYSTAAT. Onderwysdepartement. Senior Sertifikaateksamen, Handboek. Bloemfontein, White, 1965.
28. TRANSVAAL. Onderwysdepartement. Leergang vir Aardrykskunde, sts. 9 en 10, gewysig. Pretoria, die Departement, 1962.
29. GEMEENSKAPLIKE MATRIKULASIERAAD. Handboek vir die Matrikulasie-eksamen, 1965. Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1965.
30. CALDWELL, H.H. Geography in the high schools of Idaho. Journal of Geography 48(9), December, 1949: 380-389.
31. PERQUIN, N. Algemene didaktiek. Roermond-Maaseik, Romen en Zonen, 1964.

32. ZOBEL, H.L. High School Geography textbooks (1918-1941) and their relationship to classroom instruction. Journal of Geography 60(9), December, 1961: 416-420.
33. CRAIG, J.K. Methods of arousing and maintaining the interest of high school pupils in Geography. Tydskrif vir Aardrykskunde 2(7), Sept., 1965: 70-78.
34. TRANSVAAL. Onderwysdepartement. Finale leergang vir Aardrykskunde vir sts. 9 en 10. Pretoria, die Departement, 1967.
35. ANDERZOHN, M.L. and NEWHOUSE, H.R. Teaching geography out-of-doors. In: NATIONAL COUNCIL FOR THE SOCIAL STUDIES. New Viewpoints in Geography. Washington, D.C., the Council, 1959, (their 29th Yearbook).
36. GRAVES, N.J. Teaching techniques, direct observation. Source Book for Geography Teaching. London, Longmans, 1965.
37. CORFIELD, G.S. The Out-of-doors, geography's natural laboratory. In: Geography in the High School. Bloomington, McKnight and McKnight, 1949, pp. 111-115.
38. EDYNBRY, D. Fieldwork in the ordinary level G.C.E. Geography 52 Part 1 (234), Jan., 1967: 53-59.
39. INCORPORATED ASSOCIATION OF ASSISTANT MASTERS IN SECONDARY SCHOOLS. Memorandum on the teaching of Geography. London, George Phillip, 1946.
40. GENERAL ADVISORY COUNCIL OF THE MINISTRY OF BRITAIN. Memorandum on Geography teaching. Geography 67(1), Jan., 1962: 63-71.
41. THOMAS, W.S.G. ed. Implications for Geography teaching in the Newsom report. Geography 52(1), April, 1967: 186-192.
42. HUTCHINGS, G.E. Geographical field teaching. Geography 47(1), Jan., 1962: 1-14.
43. S.A. NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING. Die Onderrig van Afrikaans Hoër Graad aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole. Pretoria, 1966 (hulle Navorsingsreeks, nr. 40).
44. TRANSVAAL. Onderwysdepartement. Finale leergang vir die Aardrykskunde, sts. 6, 7 en 8. Pretoria, die Departement, 1967.
45. CRONJE, F.J.C. Die Didaktiese grondslae van Aardrykskunde in die laerskool volgens die moderne denkpsigologie. Pretoria, H.A.U.M., 1960.
46. AARTS, J. Beknopt leerboek der algemene didaktiek voor de tweede leerkring. Hertogenbosch, Malmberg, 1954.

47. HANAIRE, A. Teaching material. Source Book for Geography Teaching. London, Longmans, 1965.
48. McNEE, R.B. On the value of sketch maps. Journal of Geography 54(8), Nov., 1955: 416-417.
49. ROTH, H. Leerpsychologie in pedagogisch perspektief. Roosendal, DeKoepel, 1959.
50. MÖHR, L.V. Eksaminering; 'n referaat tydens 'n opknappingskursus gelewer. Alpha 3(12), Des. 1965: 28-30.
51. CITY PRINCIPAL ATTACKS "CRAMMING" FOR MATRIC. The Pretoria News. Jan. 26, 1968.
52. SENEKAL, H.E.J. Eksaminering, sertifisering, voortgesette studie en werk-verskaffing. Onderwysblad 64(740), Junie 1961: 85-90.
53. BAILY, P.J.M. Teaching regional geography. The synthetic landscape method. Geography 48(3), July, 1963: 285-292.
54. COETZEE, A.G. Geskiedenis IN: COETZEE, J.C. en BINGLE, H.J.J. Beginnels en metodes van die middelbare onderwys. Pretoria, Van Schaik, 1946.
55. POTGIETER, S.J.B. Eksamens. Onderwysblad 64(748), Feb. 1962: 423-424.
56. MORRIS, J.A. The Challenge of the certificate of secondary education. Geography 48(3), July, 1963: 300-308.
57. LONG, M. The Status of field work. The attitudes of examination boards and local education authorities. Geography 47(1), Jan., 62: 72-84.
58. EDWARDS, K.C. Geography - review and prospect. The Times Educational Supplement. May 26, 1967.
59. DEL DUCA, L. and JACOBSON, D. The Status of geography in the secondary schools of New Jersey. The Journal of Geography 61(3), March, 1962: 104-109.
60. S.A. NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING. Die Onderrig van Geskiedenis van st. 6 tot st. 10 in skole van die Republiek van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika. Pretoria, 1968 (hulle Onderwysstudies no. I).
61. VAN DER STOEP, F. en VAN DER STOEP, O.A. Didaktiese oriëntasie. Pretoria, Academica, 1968.
62. LONG, M. and ROBERSON, B.S. Teaching Geography. London, Heineman Educational Books, 1966.

63. CHARDON, R.E. Geography: A working definition. Journal of Geography 64(2), Feb., 1962: 71-75.
64. MORGAN, W.B. and MOSS, R.P. Geography and ecology: The concept of the community and its relationship to the environment. Annals of the Association of American Geographers 55(2), June, 1965: 339-350.
65. GILBERT, E.W. The Idea of a region. Geography 45(3), July, 1960: 157-175.
66. MOOLMAN, J.H. Leerplanne in die lig van die grondbeginsels van Aardrykskunde. 'n Referaat gelewer tydens die Simposium van die Suid-Afrikaanse Geografiese Vereniging oor Aardrykskundeleergange in Pretoria op 4 Oktober 1968.

ANDER RGN-PUBLIKASIES

INLIGTING

Humanitas/n Semesterpublikasie van die RGN/RL,50

Nuusbrief/Maandelikse publikasie met die jongste inligting oor navorsing deur die RGN/Gratis

Jaarverslag/Verskyn jaarliks/RO,55

IN-1/Fourie, E.C./Register van huidige navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika 1968/1969/R2,75

IN-2/Geggus, C./Toekennings beskikbaar vir voorgraadse studie aan Suid-Afrikaanse universiteite I (UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, US, UNISA en ALGEMEEN)/1969/RL,10

IN-4/Waardebepalings van Suid-Afrikaanse en buitelandse opvoedkundige kwalifikasies/1970/RO,55

IN-7/Sauer, G. en Geggus, C./Gids van navorsingsorganisasies in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika/1970/RL,15

IN-8/Sauer, G. en Stimie, C.M./Algemene inligting/1970/Gratis

IN-10/Fourie, E.C./Register van navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika 1969/1970/R3,25

IN-12/Geggus, C. en Stimie, C.M./Opleiding na standaard tien uitgesonderd universiteitsopleiding/1971/RO,90

IN-13/Stimie, C.M./Education in South Africa/1970/RO,50/(slegs Engels)

KOMMUNIKASIE

KOMM-1/Erasmus, P.F./Die radio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die situasie in Suid-Afrika/1970/RL,35

KOMM-2/Erasmus, P.F./Beeldradio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die moontlike instelling van sodanige diens in Suid-Afrika/1971/RO,40

MANNEKRAG

MM-1/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van stads- en streeksbeplanners/1969/RO,35

MM-2/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van medici/1969/RO,30

MM-3/Terblanche, S.S./Die beroepsomstandighede van 'n groep pasgegradueerdes/1969/RO,50

MM-4/Redelinghuys, H.J./'n Verkenningstudie oor die Bantoe-ondernemer in die Tswana-tuisland/1970/RO,90

MM-12 Ebersohn, D./Die nasionale register van natuur- en geesteswetenskaplikes soos op 30 September 1967/Gratis

MM-13/Terblanche, S.S. en Van der Westhuizen, A.I./Die vraag na en aanbod van Kleurlingmannekrag, 1973/1970/RO,35

MM-14/Wolmarans, C.P./Die plek en funksie van navorsing op die gebied van Publieke Administrasie in die Instituut vir Mannekragnavorsing/1970/Gratis

ISBN 0 86965 013 0